

HOOFSTUK IV.

Die Maleis-Portugees-Teorie en die Taal.

Uit die voorafgaande het m. i. geblyk dat Prof. Hesseling met historiese gegewens die bewys nie gebring het dat die invloed van Maleis-Portugees van dié aard was dat Afrikaans daaronder 'n mengeltaal moes word nie, wel dat ons 'n sekere invloed van die slawetaal op Afrikaans kan verwag. Dat dit nodig is om soveel nadruk te lê op die historiese argumente as wat Prof. Hesseling doen in sy stuk teen Dr. Kruisinga, is tot op seker hoogte 'n erkenning van die swakheid van sy posiesie. Immers, as uit die taal self duidelik geblyk het dat Afrikaans 'n taal was met soveel Maleis-Portugese elemente dat dit met reg 'n mengeltaal onder Maleis-Portugese invloed kan genoem word, dan was dit nie nodig om as bewysgrond hiervoor historiese argumente aan te voer nie, wel natuurlik om as verklaring van die aard van die taal te dien. As Dr. Meyer-Benfey en Dr. Kruisinga dus deur Prof. Hesseling se taalkundige bewyse nie oortuig is dat Afrikaans sterk spore dra van Maleis-Portugese invloed nie, dan kan suiwer historiese argumente nooit hiervan die bewys lewer nie. Alleen wanneer die taalkundige bewyse onvoldoende is, is dit nodig om historiese waarskynlikheidsgronde aan te voer ter versterking van die posiesie. Daarom was dit nodig om in die voorafgaande soveel aandag te bestee aan die geskiedkundige kant van die kwessie. Nou kom ons tot die taalkundige gedeelte, waar Prof. Hesseling moet *bewys* dat Afrikaans 'n mengeltaal is, nadat hy geprobeer het om *waarskynlik te maak* dat Afrikaans dit moes geword het onder Maleis-Portugese invloed.

Dr. du Toit is geneig om die hipotese, dat Afrikaans 'n so

ontstane mengeltaal is, as bewese te beskou (*Afr. Stud.*, p. 9) In plaas van histories bewese, kom dit my voor dat Prof. Hesseling, na wat hierbo daarteen inbring is, *uit die taal self* baie sterk argumente sal moet aanvoer om sy teorie aanvaarbaar te maak. En die stelling dat Afrikaans 'n mengeltaal is, behalwe miskien in so ver as Engelse invloed in aanmerking kom, lyk my ongegrond en onbewysbaar. Ongelukkig is dit 'n kwessie waaroor die meninge taamlik uiteen kan loop. Dit sou moontlik wees om 'n halfdosyn definiesies of omskrywinge aan te haal van die begrip „mengeltaal”, sonder dat een daarvan algemene bevrediging sal gee. Van 'n 50 %-oplossing kan natuurlik nooit in erns sprake wees nie, maar so belaglik is dit nie, of ons doen verstandig met voor oë te hou dat *dit* die ideaal van 'n mengeltaal sou wees. In die vervolg wil ek my hou aan die omskrywing van Prof. Verdam: „eene meer of minder harmonische verbinding van twee verskillende talen, waardoor zij beide in hun innerlijk wezen, in woordvorming en woordvoeging, worden gewijzigd: zoo is b.v. het Engelsch de uitnemende mengeltaal, ontstaan uit de verbinding van Germaansch en Romaansch.” Dat ek hierdie definisie aanneem is billik, aangesien Prof. Verdam meen dat Prof. Hesseling aangetoon het, dat Afrikaans, *volgens hierdie omskrywing*, 'n mengeltaal is (*Uit de Gesch. der Ndl. Taal*, 2de uitg., p. 93). Laat ons daarom let op die karakter van Engels, die mengeltaal by uitstek, waarin die „min of meer harmonische” van die verbinding moet uitkom.

Oor die invloed wat Frans gehad het op die vormleer en sintaksis van Engels, moet mens jou blykbaar heel versigtig uitlaat. Ek wil my nie hier beroep op die getuigenis van Dr. Kruisinga, die Anglis, nie, want hy kan in hierdie kwessie as bevooroordeel beskou word. Ek maak daar dus alleen attent op dat hy daar skepties teenoor staan (*Taal en Letteren*, XVI, 429). 'n Meer onpartydige outoriteit is allig Jespersen, wat seker bevoeg is om oor hierdie kwessie mee te praat. In sy *Progress in Language* sê hy: „at the one definite point where the theory of French influence has been advanced with regard

to accident (nl. die *s-meervoud*), it is utterly unable to stand the test of historical investigation. And it is the same case, I believe, with many of the assertions put forward of late years . . . with regard to a French influence exerted wholesale on English syntax" (p. 171). Ek laat daarom hierdie betwiste punte voorlopig buiten bespreking, hoewel juis hierdie punte die belangrikste is. Immers, niks is gemakliker om aan te toon, by watter taal ook, as ontlening van woorde nie. Die kwessie is maar die persentasie en karakter van ontleende woorde wat moet aangetoon word voor ons kan praat van 'n mengeltaal. Niemand noem Nederlands 'n mengeltaal met die oog op die Franse ontleninge nie, en hoeveel Franse woorde daar in Nederlands oorgeneem is, kan benader word uit die volgende opmerking van Verdam (t.a.p., p. 200): hy gee 'n lysie van 'n klein 60 adjektiewe „Fransche woorden (alleen) voor eigenschappen en karaktertrekken, bij ons in algemeen gebruik" w.o. *enthousiast, solide, respectabel, brutaal, liberaal, sekuur, origineel, accuraat, miserabel, modern, antiek, radicaal, massief* ens, ens. Is dit dan onbillik om van die voorstanders van die Maleis-Portugees-teorie te verlang om ons 'n lysie van 60 adjektiewe in Afrikaans aan Maleis-Portugees ontleen te gee oor die hele gebied van die Afrikaanse taal?

In Engels is die toestand so, dat volgens Morris (*Historical Outlines of English Accidence*, 1895, p. 58) die woorde alleen van *klassieke* oorsprong 66 % van die Engelse woordeskat vorm! Clough (*On Mixed Languages*, p. 84) stel die getal vreemde woorde in Engels teenoor inheemse op 4 teen 1; terwyl reeds „in Chaucer's „Canterbury Tales" . . . we find that the number of Romance words is slightly in excess of the Saxon" (p. 86). Hy gee 5 bladsye „French provincialisms", d.w.s. woorde van Franse afkoms wat hoofsaaklik of alleen deur „peasants" vandag gebruik word! Ek glo dat Clough nie al die vertroue verdien waar hy aanspraak op maak nie, maar selfs na aftrek van foutiewe afleidinge bly daar nog 'n merkwaardige aantal woorde onder dié hoof oor. Nog een aanhaling oor Engelse woordvorming: „The Teutonic prefixes

and suffixes, without counting those which, like *th* in *faith*, have become inseparable from the root, are fifty in number; we have sixty-one from Latin and thirty-six from French... Our facilities for forming words in this way are therefore greater on the foreign than on the native side of our language, and... our commonest prefixes and suffixes, with one or two exceptions, are not Teutonic" (p. 99). Hiermee kan ek volstaan.

a. WOORDESKAT.

Die verhoudinge in Afrikaans wyk al heel sterk af van dié in Engels. Prof. Hesseling en Prof. du Toit het lyste saamgestel van al die woorde wat hulle beskou as aan Maleis-Portugees ontleen. Die lyste is natuurlik nie heeltemal volledig nie — veel ontbreek daar nie aan nie — en al die genoemde ontleninge is ook nie seker nie. Sommige altans is seker nie via die slawetaal in Suid-Afrika gekom nie, ander kom voor in Nederlandse geskrifte van voor 1652, en *kan* dus via Nederland in Suid-Afrika gekom het. Maar laat ons aanneem dat die ontlening van al daardie woorde aan die slawetaal vasstaan; dan het ons 'n getal van 113, sê 120 tesaam met dié wat oor die hoof gesien is by die opstelling van die lys. Hoër is die getal seker ontleninge nie. Voor ons dit nog in persentasies probeer omsit, is dit duidelik dat op grond van so 'n getal vreemde woorde die armste taal geen mengeltaal kan genoem word nie.

Verdam *) het die woordeskat van Hollands bereken op 110.000, van Malssen op 175.000 (*Uit de Gesch. der Ndl. Taal*, p. 119). By gebrek aan 'n goeie Afrikaanse woordeboek kan ons die Afrikaanse woordeskat nie bereken nie. Laat dit aansienlik minder dan die helfte van die Hollandse wees, sê 50.000, dan sou ons $\frac{1}{4}$ % Maleis-Portugese woorde in Afri-

*) Prof. H. is dit met die metode van berekening heeltemal oneens. Vgl. *Het Afrikaans*, p. 67. Hy wil alleen die *werklik gebruikte taal* in aanmerking neem. As ons dieselfde metode dan maar ook op die Afrikaanse woordeskat toepas, kom ons weer tot min of meer dieselfde verhoudinge!

kaans hê! Ek kan gerus en seker beweer dat alle vreemde woorde tesaam in Afrikaans geen 1 % van die Afrikaanse woordeskat bedra nie — Engelse ontleninge uit die laaste tyd uitgesluit. Kan op grond van sy woordeskat Afrikaans dan 'n mengeltaal genoem word?

Miskien lê dit nie in die getal nie maar in die aard van die ontleninge? Voor ons dié vraag kan beantwoord is dit noodsaaklik om nader te let op die vermoedelike herkoms van die woorde in Afrikaans.

Selfs waar ons te doen het met woorde wat oorspronklik uit Portugees en Maleis stam, kan nie sonder meer van Maleis-Portugese ontleninge in Afrikaans gepraat word nie. Die lyste van Prof. Hesseling en Prof. du Toit bevat nl. (1) woorde wat ten onregte beskou is as oorspronklik aan een van die twee tale ontleen, (2) woorde waarvan die afleiding te onseker is om enige bewyskrag te hê, (3) woorde wat wel oorspronklik aan een van die twee tale ontleen is, maar so vroeg dat die ontleninge nie of nie noodsaaklik, in Suid-Afrika plaasgevind het nie, en eindelijk (4) woorde wat vermoedelik of seker ontleen is aan die slawetaal in Suid-Afrika, en dus met reg as bewyskrachtige ontleninge uit Maleis-Portugees kan aangevoer word.

Ek mag miskien vooruitloop op die resultaat van hierdie ondersoek en sê dat net so min die karakter as die getal van die Maleis-Portugese ontleninge in Afrikaans die bewys lewer dat Afrikaans onder hierdie invloed 'n mengeltaal geword het, sodat die leser wat weinig belang stel in etimologiese besonderhede die eersvolgende bladsye kan oorslaan, sonder dat dit veel sal verander aan sy eindoordeel.

Die volgende woorde in die lyste van Proff. Hesseling en du Toit dan, is m. i. (1) ten onregte beskou as aan Maleis of Portugees ontleen; *arrie*, *as(se)gaai*, *boetie*, *haai*, *kardoes*, *koedoe*, *koert*, *kriek* (*jankriek*), *robbedoes*, *sie* (*sies*), *ta* (*tata*), *trassie* en in die vorming van *volstruis* en *vieruurtjies* hoef geen vreemde invloed aangeneem te word nie; terwyl (2) die afleiding onseker is van *alla*, *amper*, *froetang*, *josie*, *makou*,

moveer, moses, loekwart, nartjie, palaber, rissie, talie, waarby ek sulke woorde as *baljaar, goïng, kaaïman, koejawel, lemoen, mielie*, ens., wat nie oorspronklik aan Portugees ontleen is nie, maar tog vermoedelik deur Portugees in ander tale gekom het, nou maar as Portugees wil beskou.

Van die grootste helfte van die woorde van Proff. Hesseling en du Toit geld dat hulle wel oorspronklik aan Maleis en Portugees ontleen is maar niks vir Maleis-Portugese invloed bewys nie, aangesien dit baie waarskynlik is dat hulle via Hollands in Afrikaans gekom het en ten opsigte van Afrikaans erfgoed is. Die geval is nl. dat in 16de- en 17de-eeuse stukke baie van hierdie woorde voorkom, meestal natuurlik in reisverhale en werke oor Nederlandse koloniale aangeleenthede. In *Afrikaans en Maleis-Portugees* het ek geprobeer om die metode aan te gee om die woorde te ondersoek. In *Volk en Taal* het Prof. Boshoff nuwe bewyse gebring vir die vroeë gebruik van sulke woorde, terwyl Prof. Smith in *Die Huisgenoot* (Feb. 1921) ook 'n klassifisering gee. Van hierdie klas van woorde noem ek: *atjar, baadjie, baar, baklei, baljaar, bamboes, basaar, borrie, (di)spens, goïng, kabaai, kapater, katel, kerrie, klapper, koelie, kraal, lemoen, loerie, mandoor, mielie, oorlams, sambreel, seroet, soebat, tjar, as seker nie ontleen aan die slawetaal nie, en vermoedelik ook nie blatjang, bobotie, doepa, jamboes, kaaïman, kapok, katjiepiering, koejawel, krabbetjies, lieplapper, nôi, nonna, piekel, pienang, piering, sambal, saranie, sosatie, tjoema, *) toering*. Al hierdie woorde is nl. vermoedelik ontleen aan die 17de-eeuse *seemans-taal*, soos blyk uit hulle voorkome in destydse reisverhale ens. Behalwe 'n klompie woorde soos *amok, bonkessie, broesa, krits, laksel, pagger, parang, trawade*, wat òf nie, òf nie meer Afrikaans is nie, bly daar oor *baie, bredie, doerias, karba, kondee, maskie, paljas, ramkie, sammejoa, tabeetjies, tamaai, tasal, tjalie, tronk*. Hiervan is *doerias, sammejoa* en *tabeetjies*

*) Vgl. v. Ginneken, *Regenboogkleuren*, p. 178, waar die woord in die Amsterdamse skooljongenstaal voorkom.

in baie beperkte kring bekend, van die selfstandige naamwoorde alleen *tronk* algemeen in gebruik, terwyl van die byvoeglike naamwoorde *tamaai* vir my gevoel ook nog altyd 'n vreemde luggie het. As argument vir Maleis-Portugese invloed weeg *baie* m.i. op teen al die sekere en onsekere ontleninge aan dié taal.

Onder die vermoedelik aan die slawetaal ontleende woorde is daar dus twee adjektiewe, *baie* en *tamaai*, geen enkele werkwoord nie, en twee selfstandige naamwoorde wat as oorbodige ontleninge kan beskou word en Hollandse name verdring het, *tjalie* en *tronk*. Uit die meeste ontleende selfstandige naamwoorde blyk dat die vreemde name met die vreemde sake ingevoer is. Die name van Maleise kossoorte, vrugte, plante, ens. speel daarby veral 'n groot rol. Die taal bevestig dus wat ons uit die geskiedenis weet, dat die Maleise slawe meestal as huisbediendes, spesiaal as koks gebruik is, terwyl woorde soos *doepa* en *paljas* wys op 'n ander bekwaamheid waar die Slamaiers vandag nog voor berug is, hulle toorkuns.

Die Portugese woorde is van 'n ander karakter. Ons vind daaronder die „baaswoorde" *aia*, *paai*, *maai*; woorde uit die seemanstaal soos *spens*, *bottel* en miskien kan hierby genoem word *karba*, *talie*, *tasal*; name vir wat mens kan noem weelde-artiekels soos *kiepersol*, *sambreel*; 'n abstraktum soos *trawal*, en werkwoorde, ook vermoedelik uit die seemanstaal, soos *baljaar* en miskien *moveer*. As ons hierby voeg 'n paar algemene woorde soos *kraal*, *tronk* en *kapater*, dan is die lys van met meer of minder sekerheid direk aan Portugees toe te skrywe woorde, ook sowat uitgeput. *Kraal* en *kapater* is „nodige" ontleninge, begrippe waarvoor in Hollands geen name bestaan het nie. *Tronk* sal *gevangenis* verdring het omdat dit 'n korter woord is, en omdat vir dergelike inrigtinge deur klante graag 'n nuwe naam gesoek word, om die oue, waaraan dikwels haatlike herinneringe vassit, te vervang (vergelyk die gebruik van *bak*, *doos*, *kast*, *bajes*, *gribus*, *lik*, *nor* en dergelike benaminge vir dieselfde saak in Hollands).

Hoewel ek uit dit alles nie wil konkludeer dat uit die slawe-

taal geen Portugese woorde in Afrikaans oorgegaan het nie — uit die prosesstukke en uit Mentzel weet ons dat Portugees 'n belangrike, welig die belangrikste element van die slawetaal was, en so 'n intieme woord as *maskie* stam uit slawe-Portugees — tog lyk dit my duidelik dat die meeste woorde wat mens as slawewoorde sou beskou, uit Maleis ontleen is. Woorde soos *blatjang*, *bobotie*, *borrie*, *bredie*, *kerrie*, *sambal*, *sosatie* laat aan die kok dink, al is party van hierdie woorde vermoedelik deur Hollands in Afrikaans gekom; *paaiboelie*, *pamperlang*, *kurang*, *tjoema*, en nog 'n paar wat minder seker uit Maleis kom, soos *tampas*, *tjoekie*, is vermoedelik deur kinders van hulle Maleise aias of speelmaters geleer.

In *Afrikaans en Maleis-Portugees* is 'n vyftig van hierdie woorde uitvoerig behandel, meer ter wille van die metode van beoordeeling as om altyd die afleidinge van Proff. Hesseling en du Toit te bestry. Na dié tyd het Prof. Boshoff baie aanvulling gegee, en in hoofsaak is hy dit met my eens dat baie woorde van Maleis-Portugese herkoms in Afrikaans ingang kon en sou gevind het al was daar nooit 'n Maleis-Portugees-sprekende slaaf in Suid-Afrika gewees nie. 'n Paar dergelike woorde behandel ek hier weer, veral sulke waaromtrent ek nou 'n enigsins verskillende mening toegedaan is, of waar Prof. Boshoff dit nie met my eens is nie.

BOTTEL. Prof. Boshoff stem saam dat ons hier te doen het met 'n woord uit die seemanstaal. Hy neem aan dat dit vermoedelik uit Frans, via Engels, in Nederlands gekom het (p. 158). Direkte ontlening uit Frans of Portugees, sê hy, is weens die aksent beswaarlik, soos ek ook vroeër gemeen het; onmoontlik, soos Prof. Smith meen (*Huisgenoot*, Jan. 1921, bls. 393). Op grond egter van die feite (1) dat die woord reeds in die 17de eeu in die Nederlandse seemanstaal voorkom, (2) dat vroeë ontleninge uit Engels uiters seldsaam is in Nederlands, (3) dat ontleninge uit Portugees in die 17de-eeuse Nederlandse seemanstaal veelvuldig voorkom en (4) dat aksentverspringing in Hollands en in Afrikaans geen seldsaamheid, in elk geval geen onmoontlikheid is nie, meen ek dat Prof.

du Toit gelyk gehad het met *bottel* as 'n ontlening uit Portugees te beskou, hoewel sy grond teen afleiding uit Frans onvoldoende is, en *bottel* m. i. as Afrikaanse erfgoed en nie as 'n direkte ontlening in Afrikaans moet beskou word nie. Behalwe wat die aksentverspringing betref, is Afrikaans *tasal* uit Portugees *tassalho* parallel met Ndl. *bottel* uit Port. *botelha*. Ook vir die Hollandse etimologie lyk die woord my van belang. „Dit kom my prinsipiëel juis voor om by 'n sewentiende-eeuse seemanswoord, vermoedelik van Romaanse afkoms, in die eerste plek ontlening uit Portugees in oorweging te neem.” Maar vgl. by Franck-van Wijk *baljaar*, *kalebas*, *talie*, by Vercoillie *kalbas*, *leguaan*, *moskiet*. (Vgl. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 1, afl. 2).

KARDOES. Prof. Hesseling neem aan herkoms uit Portugees (*cartucho*) en nie uit Frans (*cartouche*) nie. Franck-van Wijk en Ndl. *Wdb.* neem die Franse herkoms aan. Nêrens vind ek 'n opmerking oor die *d* in Ndl. waar mens 'n *t* sou verwag nie. Dit is 'n kleinigheid, maar ek meen dat ons daarin die aanduiding kry van die weg waarlanges die woord in Ndl. gekom het, nl. via Duits, waar so 'n oorgang van *t* tot *d* in Franse woorde dikwels voorkom. Vir Afrikaans — en vir Hollands — is dié afleiding dâárom van betekenis, dat by sulke militêre terme Duitse oorsprong mag vermoed word. Vgl. in hierdie verband Afr. *laer* en *werda*. Aangesien uit die Ndl. *Wdb.* blyk dat die woord *kardoes* in Hollands dieselfde betekenisontwikkeling deurgemaak het as in Afrikaans, hoef ek my nie meer so versigtig uit te laat oor die moontlikheid van oorerwing nie. Ook *kardoes* sal 'n woord uit die seemans-taal wees, alleen dié slag daarin ontleen uit Duits en nie uit Portugees nie.

MOVEER. Prof. Boshoff se argumente ten gunste van ontlening uit Frans, via Hollands, kan my nie oortuig nie. Die uit Fr. ontleende *moveren* was waarskynlik geen woord van die volkstaal nie. Die groot aantal komposita wat een plek „pleit vir die algemene bekendheid van die woord” en in 'n noot op dieselfde bladsy „owerigens weinig bekend” was, toon aan dat

ons te doen het, so nie met woordeboekwoorde nie, dan in elk geval met geleerde woorde, wat weinig bekendheid onder die seelui sal geniet het. By van Riebeeck kom die woord in die betekenis *lastig val, molesteer* tweemaal voor in 'n prosesstuk (*Dagverhaal* 111, p. 304, 309). Ek neem aan dat die woord uit die getuieverhoor oorgeneem is in die offisiële rapport, en uit die matrosetaal afkomstig is. Die betekenis pleit daarvoor! En miskien ook die feit dat die woord in die Neger-Hollands van die Deense Antille, in die vorm *meur* voorkom (Hesseling, *Het Negerhollands*, p. 283). Wel gebruik van Riebeeck *moveeren* meermale, maar anders altyd in dieselfde, Frans-Hollandse betekenis, wat ook in Afrikaans nie onbekend is nie: *beweeg, aanleiding gee, vermeld*. Ek erken die beswaar teen die vorm, as ons ontlening uit Portugees aanneem, maar my beswaar teen die betekenis, as ons Franse ontlening aanneem, het Prof. Boshoff nie verminder nie. Ek meen nou dat die waarheid in die middel lê: *moveer* in die betekenis *lastig val, molesteer*, is die Portugeese *moër*, wat die vorm betref beïnvloed deur *moveer*, uit Frans *mouvoir*, in die betekenis *beweeg, aanleiding gee*.

PAAI. Ek beskou die ontlening van *paai* en *maai* uit Portugees as vasstaande. *Paai* moet in Afrikaans via die 17de-eeuse seemanstaal gekom het, vgl. *paai van 't kabelgat, zwabberpaai* ens. In Suid-Afrika is *paai* al vroeg gebruik voor name van slawe soos ons vandag *outa* gebruik, b.v. *Paay* Ceylon, *Paay* Timorees (*Kol. Arch.* 3979, sensusopgaaf 1681). Prof. Boshoff opper die moontlikheid (p. 236) dat ons in *paiboelie* 'n samestelling moet sien van *paai* met 'n eienaam, waarskynlik 'n slawenaam, *Boelie*. Dit lyk my baie aanneemlik. Dan was *Paai Boelie* seker oorspronklik 'n slaaf wat moes dien as boeman om kinders bang te maak. Die verband waarin *maai* voorkom, nl. altyd saam met *paai*, maak dit so goed as seker dat dit dan ook 'n ontlening uit Portugees moet wees. In *maaifoedie* sal *foedie* wel een of ander obsene betekenis hê (vgl. Port. *fodér*). Die Suid-Nederlandse dialektiese woord *maai* kan uit *Maaiken*, 'n vorm van *Marieken*, verklaar word (vgl. *Ndl. Wdb.* i. v.).

SIE, SIES. In die lyste van Proff. Hesseling en du Toit kom verskillende tussenwerpsels soos *arrie*, *haai*, *sies* voor. Ek het aangeneem dat die Afrikaanse uitroep van ligte verwondering *arrie!* aan Hottentots ontleen is (hoewel dit my bekend was dat *alla*, *allé*, *arra*, *arré* in Nederlandse dialekte voorkom) omdat ek uit eie ervaring weet dat die Hottentot dié uitroep voortdurend in die mond het, veel meer as die blanke, en omdat die dialekties-Nederlandse *arré*, sover as ek kan uitmaak, nie beantwoord aan Afr. *arrie* nie. Die laaste is natuurlik 'n gevoelskwessie. Prof. Boshoff sien eerder in Hottentots *aré* 'n ontlening uit Afrikaans as andersom.

Waar ek weet dat *arrie*, *aitsa*, *êtsê*, *ga*, *sie*, *sies*, soe kenmerke is van Hottentots-Afrikaans, en as oorspronklik Hottentotse tussenwerpsels voorkom, daar meen ek dat, waar ons te doen het met uitroepe wat deur vorm, gevoelswaarde of gebruiksfeer afwyk van Hollands en ooreenkom met Hottentots, ons gerus afleiding uit Hottentots as waarskynlik — nie bewys nie — mag veronderstel. Die geval word natuurlik anders by woorde of uitroepe soos *hê*, wat in Hollands en in Hottentots presies dieselfde vorm, gevoelswaarde en gebruiksfeer skyn te hê. Daar neem ons natuurlik — al *kan* dit verkeerd wees — oorerwing aan. Op dieselfde bladsy in Meinhof se *Lehrbuch der Nama-Sprache*, waar ek die Hottentotse tussenwerpsels aangetref het, sien ek nou ook nog „*Hêẽ (hm-m) nein*”. Daarnaas kon seker nog „*(H)ê (m) ja*” vermeld gewees het. Prof. Boshoff het blykbaar hierdie woord ook nie raakgesien nie. Sover ek weet is hierdie manier om iets te bevestig of te ontken in Holland onbekend, val dit alle Hollanders in Suid-Afrika op, sowel weens die onhebbelikheid as weens die moeilikheid om uit te maak wat bedoel word. Hier mag ons dan tog seker 'n Hottentotisme van taamlik intieme aard aanneem — en een wat maar al te wyd versprei is.

Aitsa en *êtsê* is nie dieselfde nie, soos Prof. Boshoff meen. *Aitsa* is 'n uitroep by ligte skrik, *êtsê* dien om die aandag van die hoorder te trek, ongeveer soos Hollands *zeg!* As kind het ek, onder invloed van die taal van my Hottentotse speelmaters,

al twee uitroepe dikwels gebruik. Ek wil in verband met hierdie woorde veral die nadruk lê op die gevoelswaarde wat die Afrikaner heg aan sulke uitroepe, en op die graad van gepastheid, „salonfähigkeit“, wat 'n groot rol speel by hulle beoordeling. Met uitsondering van *sie* (by koue) en *soe* (by warmte) het al die woorde iets plats en onbeskaafs — vir my gevoel iets Hottentots!

Ongetwyfeld is dit gevaarlike terrein vir die etimoloog, hierdie uitroepwoorde, soos ek reeds in *Afrikaans en Maleis-Portugees* (p. 56) erken het. Maar Prof. Boshoff vertoon 'n neiging om die moeilikhede te oordryf. *Ceteris paribus* het die Afrikaanse etimoloog maar een oplossing as hy moet kies tussen 'n Hottentotse en 'n Bantoe-afleiding, maar as hy by die afleiding van Afrikaans *soe* te kies het tussen Hottentots *su* (spreek uit *soe*), „Ausruf beim Gefühl von Hitze“ en Kaffers *itshu*, *tshu*, *shu*, „interjection of pain; shu! how hot it is“, dan is „die orige“ (die klanke) nie „gelyk“ nie, en nog minder is dit die geval waar hy by *aitsa* moet kies tussen Hott. *aise* en Kaffers *ishi*. Die dialekties-Nederlandse *haisa* wat anders gebruik word, en die gekonstrueerde kombinasie van *ai* en *tsa*, wat in betekenis nog veel verder sou moet afwyk, kom hier nie in aanmerking nie. Die Noord-Hollandse *gang*, *gank* word ook anders gebruik (vgl. *Nieuwe Rotterdamsche Courant*, Aandblad, 11 Nov. 1922: „gank pardoes“) as Afr. *ga*, uitroep by 'n slegte reuk, wat in die Boland nog as *gā*, *gang* kan gehoor word, en ongetwyfeld Hottentots is. Van die gebruik van hierdie uitroepe, en van Hottentotse uitroepe in die algemeen, kry die leser 'n idee uit die staaltjies by le Roux, *Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans*, pp. 33, 34.

Hierdie kwessie is van meer as bloot etimologiese belang, omdat ons hier m. i. die beste voorbeeld het van die invloed van Hottentots-Nederlands op Afrikaans.

Uit die voorgaande moet dit duidelik wees dat Proff. Hesselink en du Toit die invloed van Maleis-Portugees op die

Afrikaanse woordeskat sterk oorskat het, en dat wat woordeskat betref, Afrikaans minder die karakter van 'n mengeltaal vertoon as Hollands self. In Hollands is daar per slot van rekening ongeveer net soveel Maleise woorde as in Afrikaans. Vergelyk hiervoor die lys by Vercoullie, *Beknopt Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal*, tweede uitgawe, p. 387, waarby o. a. nog *amper* (?), *amok*, *baboe*, *brani*, *gong*, *kajapoet*, *padi*, *pagaai*, *piekeren*, *pikol*, *sarong* moet bygevoeg word. Ek merk op dat onder die Maleise ontleninge in Hollands die volgende werkwoorde voorkom: *bakkeleien*, *pagaaien*, *piekelen*, *piekeren*, *pitsjaren*, *soebatten*, en die adjektiewe *baar*, *brani* en *pienter*.

Miskien was dit hier die plek om ons ondersoek uit te brei ook tot die invloed van Hottentots, Frans en Duits, maar behalwe dat ons by Proff. Hesseling, du Toit en Boshoff die belangrikste gegewens vind — waaruit blyk dat die suiwer Hottentotse kontingent nie onaansienlik is nie — kom dit, van my standpunt beskou, daar weinig op aan of hulle voorbeelde met 'n dosyn moet vermeerder word of nie. Gesteld dat daar 'n vyftig gebruiklike en ongebruiklike ontleninge aan Hottentots, twintig aan Duits en tien aan Frans aan te wys was, watter redelike gevolgtrekking kon dan daaruit gemaak word? M. i. alleen dat dit onbegryplik sou wees as dit anders was! Is dit denkbaar dat Hollands en Hottentots 250 jaar en meer naas mekaar kon bestaan, sonder dat daar 'n halwe honderd woorde van die een taal na die ander moes oorgaan, al was die aanraking ook oppervlakkig? Die blanke het van die oorspronklike inwoners van die land 'n aantal name van inheemse diere, plante, ens. oorgeneem, soos *kwagga*, *ghnoe*, *oribietjie*, *geitjie*, en *dagga*, *boegoe*, *baroe*, *ganna*, *ghaap* ens. Die Hottentotte het weer name van Europese sake van die blanke oorgeneem soos *kroi* (kruwa), *druifbie*, *seili*, *pampuni*, *stoeli*, ens. Na aftrek van sulke noodsaaklike, ten minste natuurlike, ontleninge bly daar, net soos by Maleis-Portugees, bloedweinig oor. 'n Uitsondering vorm natuurlik die taal van dié klas van Hottentotte wat eers tweetalig, later mengeltalig, geword het, en

teenswoordig alleen maar 'n sterk gekleurde Afrikaans praat wat minder afwyk in woordeskat as deur 'n eenvoudige newensskikkende sinsbou en veral deur intonasie.

b. WOORDGEBRUIK.

As ons aanneem dat blanke die taal van Hottentotte en slawe in groot getalle en in die daaglikse gebruik gaan praat het, dan sou ons daarvan die duidelikste spore verwag in die eerste plek op die woordeskat, maar ook in die sinsbou, en deur die opname van allerlei -ismes. Prof. Hesseling het dan ook verskillende Portugees-Maleïsmes in Afrikaans gesien. Ek behandel hier weer net 'n paar van die belangrikste en verwys verder na *Afrikaans en Maleis-Portugees*, p. 73 vlg. *)

Vooraf 'n paar algemene opmerkinge. Saam met Prof. Hesseling sien ek in verskillende van die deur hom aangehaalde voorbeelde ook kreolismes. Egter lang nie in al die gevalle wat hy noem nie. En in byna al die gevalle sien ek in Nederlands, of in Germaans, aanknopingspunte — nie analoga nie, anders sou aan spontane ontwikkeling moet gedink word — wat kan dien om die oorname van sulke kreolismes in Nederlands begryplik te maak. Maar hier kom weer die verskil in opvatting voor die dag. Prof. Hesseling sien in dié gevalle bewyse van taalmenging, wat hy verklaar deur aan te neem dat die blanke Maleis-Portugees gepraat en direk dié eienaardighede in hulle Nederlands opgeneem het, soos Afrikaners wat Engels ken, vandag sê en skryf: *hy staan 'n kans* (Vgl. *Afr. en Mal.-Port.*, p. 101 en *Volk en Taal van Suid-Afrika*, p. 35!). Ek meen die gevalle te moet verklaar deur aan te neem dat in die mengeltale wat in Suid-Afrika ontstaan het in die mond van Hottentotte en slawe sulke -ismes vaak voorgekom het, en waar daar in sulke gevalle assosiasies met Nederlandse sinswendinge kon ontstaan, het van die -ismes oorgegaan in die taal ook van die Nederlandse Afrikaners. As dit moontlik

*) By wat ek daar (p. 76) gesê het oor die moontlikheid van die selfstandige ontwikkeling van *Pa* en *Ma* in Afrikaans, wil ek hier 'n ver wysing byvoeg na Jespersen, *Language*, 1921, p. 154 vlg. veral 159.

is om aan te toon onder invloed van watter oorspronklike vreemde taal die afwykende uitdrukkinge eerste gebruik is, dan is dit 'n etimologies-interessante feit, maar vir die algemene verklaring van die ontstaan en ontwikkeling van die taal is dit van betreklik geringe betekenis.

Wellig die sterkste argument ten gunste van die opvatting dat Afrikaans 'n mengel- of kreoolse taal is, is die oorgang van een woordsoort tot 'n ander, „de woordsoorten worden voor het Europeesche taalgevoel met elkander verward” (du Toit, *Afrikaansche Studies*, p. 80). Du Toit (t.a.p.) gee hiervan 'n hele reeks voorbeelde. Boshoff het hieromtrent veel behartigenswaard gesê (*Volk en Taal*, p. 289 vlg.), wat ek graag beaam. Sy redenering is veral klemmend wat betref die sogenaamde oorgang van selfstandige naamwoorde tot werkwoorde: om van *tjap* 'n werkwoord *tjappen* af te lei is volkome in ooreenstemming met die Hollandse taalgees. *) *Tjappen* kan langs suiwer fonetiese weg in Afrikaans *tjap* geword het. Ek kan my nie voorstel dat 'n Hollander in *ek tjap my vee* iets kreools kan voel nie, as hy weet dat *tjappen* ook 17de-eeuse Hollands is.

Onder die voorbeelde van du Toit is daar egter ook vir my gevoel kreolismes, en na aanleiding van die voorbeelde wat hy gee, wil ek probeer om my teorie oor die ontstaan van Afrikaans toe te pas. Daarvoor is in die eerste plek 'n beter skifting van die voorbeelde nodig. Ek bepaal my tot 'n paar van die belangrikste rubrieke.

Du Toit sê sy voorbeelde is ontleen aan „plat Afrikaansch”. Hiermee sal hy wel bedoel kleurling-Afrikaans, en daarmee verwante Afrikaans van blanke, dus Kreools-Afrikaans, en geen suiwer Afrikaans nie. In so ver as hierdie verskynsels alleen voorkom in Kreools-Afrikaans, bewys hulle dus niks vir die kreolisering van suiwer Afrikaans nie. Maar baie van die uitdrukkinge is algemeen Afrikaans. Volgens my standpunt beskou ek sulke gevalle, in so ver as hulle werklik Kreoolse verskynsels is, as ontleninge uit Kreools-Afrikaans. Volgens

*) Vgl. Prick van Wely: *Viertalig aanvullend Hulpwoordenboek*, 3de uitg., p. 343.

die standpunt van Prof. Hesseling en Dr. van Ginneken moet ons daarin sien oorblyfsels uit die tyd toe die Afrikaners die taal van hulle slawe ens. gaan praat het. Afrikaans is immers „halverwege blijven staan op den weg om Kreoolsch te worden" (*Het Afr.* p. 155, en vgl. *Regenboogkleuren*, p. 218).

Onder die voorbeelde van die gebruik van „zelfstandige naamwoorden als werkwoorden" is *tolk*, *kapater*, *koeël* gewone Afrikaans en moet net so beoordeel word as *tjap*. *Die skape dood by hope* is Kreools-Afrikaans. Algemeen gebruikelik is *doodgaan* of *urek*. *Doring* en *ghoen* as werkwoorde ken ek nie, klink vir my plat en is vermoedelik ontleen aan Hottentots-Afrikaans. As *skuld* geen erfgoed of spontane ontwikkeling is nie, dan moet dit beskou word as 'n Germanisme. Dit is algemeen Afrikaans.

Van die sogenaamde selfstandige naamwoorde as bywoorde gebruik, is *knipmes-ty*, *lepel-lê*, *velling-sit* werkwoordelike samestellinge, wat enigsins kan vergelyk word met Hollands *paardrijden*, *mastklimmen*, *schuitjevenen*. Die verhouding tussen die dele is verskillend en die Afrikaanse konstruksie is m. i. 'n punt waar Afrikaans afwyk van Hollands, waar ons dus weer met 'n kreolisme kan te doen hê waarvoor geen analogon in Hollands te vind is nie, maar wel 'n aanknopingspunt. Op dieselfde manier kan 'n *hou sing*, 'n *sloot slaap* ens. vergelyk word met *zich 'n aap lachen*. Natuurlik moet in die eerste geval uitgegaan word van gesegdes as 'n *hou slaan*, soos in Hollands *zich 'n bochel lachen*.

Die voorbeelde van „werkwoorden" as byvoeglike naamwoorde gebruik: 'n *flikflooï-tong*, 'n *skinder-bek*, 'n *sukkel-lopie* is gewone samestellinge volgens Hollandse voorbeeld, vgl. *schendtong*, *sukkeldraf*.

Vir die konstruksie *sing-sing loop*, *staan-staan eet* ens., vergelyk *Afrikaans en Maleis-Portugees*, p. 79, waar ek aanneem dat dit 'n kreolisme is. Met die oog op die, ook in Maleis voorkomende, reduplikasie kan hierin miskien 'n Maleïïsme gesien word. In Hottentots kom werkwoordelike reduplikasie egter ook voor. (*Meinhof, Nama-Sprache*, p. 109).

Oor 'n *sny brood*, 'n *byt in die appel* ens. vergelyk Boshoff, *Volk en Taal*, p. 267 en 290, en hieragter p. 146.

As voorbeelde van die gebruik van byvoeglike naamwoorde as werkwoorde gee du Toit *hy los die gevange Kaffer, hy vars die balie uit*. In Hollands word *lossen* en *uitverschen* net so gebruik, al is die eerste in dié betekenis verouder in Hollands.

'n *Reg-uit man*, 'n *reg-op kêrel* kom ooreen met die Hollandse taalgebruik.

Van die ander ooreenkomste tussen Afrikaans en 'n kreoolse taal soos die Neger-Hollands van die Deense Antille, deur du Toit vermeld, kan ek volstaan met te sê dat dit meestal ooreenkomste is wat gevind word in die taal van die Afrikaanse kleurlinge, soos du Toit self meer dan eens sê. Dit geld van sulke meervoudsvorme as *afgotte, gebette, patte* ens. Tog is daar 'n paar gevalle soos *dakke, litte, ratte, slotte*, wat taamlik algemeen gebruiklik is. Hier kan egter analogiewerking die tradisionele vorme verkrag het. Vergelyk b.v. *dakke, holle, smitte* in Oud-Beierlands.

'n Konstruksie soos *Pa-hulle* is seker 'n kreolisme (vgl. *Pa-goet* ens. in Hottentots-Afrikaans). Hiervoor het Hollands geen ekwiwalent nie. Dié kreolisme is dus 'n aanwys vir Afrikaans. *Die Engelse-hulle, die Duisvolk-hulle**), die *skape-hulle* is nie gebruiklik in beskaafde Afrikaans nie, hoewel dit ook soms deur blanke gesê word — 'n bewys van die oornam en die uitbreiding van die kreoolse konstruksie.

'n Ander tiepiese verskynsel van Kreools-Afrikaans is die gebruik van die hulpwoorde *staan, lê, staan-lê, loop, aanhou* by werkwoordelike formasies soos *lê praat van die ding; my tabak staan oprook; die honde staan-lê blaf; as dit loop reent; aanhou vir my terg*. Ook in Hollands het ons uitdrukkinge soos *staan te zaniken, liggen te zeugen* waar *staan* en *liggen* kan opgevat word as duratiewe hulpwerkwoorde, maar Kreools-Afrikaans gaan hierin baie verder. Ook in beskaafde Afrikaans kom sulke uitdrukkinge af en toe voor den dag: *hy het die heel dag*

*) Nie te verwar met: „die Engelse, hulle.....” nie. Vgl. Hollands: „de mensen, die zeggen.....”

vir my gestaan en pla; jy moet aanhou vir mij uitskell sonder dat dit moontlik is om te sê of ons daarby te doen het met ontleende kreolismes of met Hollandse erfgoed. In elk geval blyk dat die kreolismes aansluiting het by Hollands en dus gemakliker kon oorgeneem word in beskaafde Afrikaans.

Wellig is taalkundig die mees interessante van hierdie -ismes sulke uitdrukkinge as *ek is honger, ek kry skaam, ek voel pap*, ens. Volgens Schuchardt kom soortgelyke konstruksies in alle kreoolse tale voor. Vir my gevoel het ons hier nie te doen met onderwerp, gesegde en voorwerp nie, maar is *hongerwees, skaamkry, papvoel*, saamgestelde werkwoorde. Om te praat van die oorgang van selfstandige tot byvoeglike naamwoorde kenskets die verskynsel nie. So 'n oorgang is ook geen seldsaamheid in Europese tale nie. Vergelyk Wilmanns, *Deutsche Grammatik*, 2de uitgawe, 11, p. 510, waar o.a. genoem word Duits *Ernst* en *Zorn*, Frans *chagrin* en *colère*. In één aflewering van die Ndl. Wdb. het ek die volgende Hollandse voorbeelde aangeteken: *schaar* (steil), *schade* (vgl. *jammer* en Duits *Schade*), *schalk* (vgl. Afr. *skelm*), *schamper* (?) en *schande*.

Naas *ek is honger* is in Afrikaans net so gebruiklik *ek het honger, ek kry honger, ek voel honger*. *Ek is skaam, ek kry skaam, ek voel skaam* is volkome gelykwaardige uitdrukkinge. As in die eerste geval (na *is*) *honger* en *skaam* adjektiewe is en in die ander gevalle selfstandige naamwoorde, dan was die Afrikaanse taalgees 'n psigologiese onmoontlikheid. Wat is in die twee sinne *ek het honger* en *ek is siek* die logiese en psigologiese verskil tussen *het* en *is*, *honger* en *siek*? Dat ons hier te doen het met suiwer verbale begrippe blyk vir my daaruit dat die reeks Afrikaanse uitdrukkinge wat hier in aanmerking kom, beantwoord aan 'n verbale rubriek wat in alle Indogermaanse tale voorkom. *Ek is honger, dors, skaam, jammer, lus, vaak* ens. beantwoord aan *mij hongert, mij dorst, pudet me, poenitet me, het lust mij, mich schläfert* ens.

Vir die Hollandse taalgevoel kan hierdie konstruksie ook nie al te vreemd wees nie. In Hollands staan immers ook sporadies

ik heb koud naas ik ben koud (Ndl. Wdb., VI. 191), *hij heeft schuld naas hij is schuld, hij heeft nodig naas hij is nodig* (alleen Gronings?). En hier sal tog seker niemand 'n kreolisme vermoed nie.

Liewer sou ek met Schuchardt die verklaring in 'n noukeuriger grammatikale terminologie soek. Hy sê: „Hunger” und „hungrig” scheiden sich nicht logisch, sondern nur formal, dank der grammatischen Analogie; innerhalb des Nomens haben sich unter bestimmten Bedingungen Adjektiv und Substantiv gesondert, und unter sie ist schliesslich das Nomen ohne Rest aufgetheilt worden. Wer ganz in unseren künstlichen Systemen befangen ist, wird vielleicht meinen, „ich bin Hunger” müsse etwas anderes bedeuten als „ich habe Hunger”; aber das wäre ein Irrthum”. So êrens dan is hier van toepassing wat Prof. Salverda de Grave sê: „Categoriën als het zelfstandig naamwoord, het verbum, hebben geen waarde meer als middel ter systematisering van de taal, omdat zij iets vooropgestelds zijn. Op te sommen de functies van, laten wij zeggen, adverbia, dat is willekeurig het taalverband verscheuren ter wille van een, oorspronkelijk door Griekse filosofen uitgedacht, voor zijn tijd hoogst vernuftig, doch voor de hedendaagse taal niet meer passend systeem” (*De Nieuwe Taalgids*, XVI, p. 236, 237). M. i. kan die grammatikus die genoemde konstruksies die beste verklaar deur aan te neem dat in *honger hebben, warm krijgen, en koud zijn* — *hebben, krijgen en zijn* blote gelykwaardige kopulas is, net soos in Gronings by *nodig hebben en nodig zijn*, of nog beter dat *hongerhebben, warmkrijgen, en koudzijn* werkwoorde is soos Lat. *calere, frigere*. Wat gaan hy anders doen met sulke uitdrukkinge in Hollands as *hij is kachel, hij is kanon*? Ek glo dit is moontlik om van hierdie Hollandse konstruksies 'n historiese verklaring te gee. Volgens die Ndl. Wdb. is *hij is als een kartouw*, d.w.s. „hy is stomdronk”, ellipties vir *zo vol (geladen) als een kartouw*. Die verdere oorgange *hij is een kartouw, hij is kartouw* (vgl. *hij is een soldaat, hij is soldaat*) lyk my denkbaar. En dan kan *hij is kachel, hij is kanon* as parallele ontwikkelinge beskou word. As *dronken* nou in die

sin: *hij is dronken* 'n adjektief is, wat is *kachel* en *kanon* in die sinne *hij is kachel*, *hij is kanon*? En vir die Hollandse taalgevoel is dit tog seker gemakliker om aan te neem dat *dronken-zijn*, *kachelzijn*, *kanonzijn* werkwoorde is, as om te sê dat *kachel* en *kanon* byvoeglik gebruikte selfstandige naamwoorde is. So moet Holl. *foutzijn*, Afr. *regwees*, Eng. *to be right* ens. naas *goedzijn*, *gelijkhebben*, *rechthebben* ens. ook verklaar word.

Ons het dus in al hierdie gevalle m.i. te doen met verbleking van die betekenis van *hebben* tot iets so kleurloos dat dit as blote kopula kan dien, en hierdie betekenisverandering kan in Hollands waargeneem word. In *ik heb 'n boerderij* het ons die woord nog in die betekenis van *bezitten*; in *ik heb geld* sal sommige miskien al 'n oorgang voel, en daaronder verstaan so iets as *ik ben rijk*; in *ik heb honger* is van die oorspronklike betekenis van *bezitten* niks meer oor nie, en so kom *ik heb warm* te staan naas *ik ben warm* in 'n sekere rubriek van uitdrukkinge waarin *hebben* nooit die oorspronklike, konkrete betekenis van *bezitten* kon gehad het nie. In hierdie rubriek vind dan in Afrikaans verder uitbreiding plaas, sodat vandag in byna alle soortgelyke gevalle *is* naas *het* kan gebruik word. So beskou, moet hierdie -isme ook vir die Hollander baie van sy vreemdigheid verloor, en *hoef* daar geen kreolisme in gesien te word nie *).

Selfs vir die taalgeleerde is dit moeilik om in die mees alledaagse vorm van sy moedertaal vreemdighede in woordvorming en woordgebruik raak te sien. Vir die Engelsman is *to go mad* 'n natuurlike uitdrukking, *to go dead*, 'n onmoontlike; vir die Hollander is *malgaan* onmoontlik, *doodgaan* so vanselfsprekend dat die samestellers van die *Ndl. Wdb.* daar geen besondere verklaring van nodig ag nie. Tog, gesteld dat die laaste samestelling alleen in Afrikaans bekend was, sou ek daar nie graag 'n verklaring van gegee het nie. *Dood-op* en *dood-af* beteken in Hollands dieselfde. In *dood-af* is *dood* 'n byvoeglike

*) Vgl. Meillet: *Linguistique historique et linguistique générale*, 2de uitg., p. 130 vlg.

naamwoord (*Ndl. Wdb.*) In *bek-af* is *bek* 'n selfstandige naamwoord. Die twee formasies staan presies gelyk in ander opsigte. Ek het gehoor van 'n Hollandse professor wat in sulke gevalle sê: „De taal, Mijneheren, is goddank niet logies”.

Voorstanders van die teorie van spontane ontwikkeling in Afrikaans sal vra: Maar waarom dan in *ek is honger* 'n Afrikaanse kreolisme gesien? Omdat hierdie verskynsel nie alleen, volgens Schuchardt, baie gewoon in alle kreoolse tale is nie, maar in die Afrikaans van kleurlinge in Suid-Afrika nog veel vaker voorkom as in suiwer Afrikaans, sodat Prof. du Toit dit selfs as plat beskou (*Afr. Stud.* p. 81). Persoonlik kan ek in uitdrukkinge soos *ek is honger*, *ek is skaam*, *ek is jammer* niks plats voel nie, maar *ek is hartseer* staan vir my gevoel nog op die grens, terwyl *ek is kopseer* of *hoofdpyn* nog heeltemal aan die Hottentot-kant staan. Daarom meen ek te moet aanneem dat hier uit Kreools-Afrikaans 'n „Spracherscheinung übernommen wurde, die dem germanischen Sprachgeiste konform ist” soos Dr. Meyer-Benfey dit uitdruk.

Op dieselfde manier sou ek sulke formasies wil verklaar as *ek is lekkerlyf*, *droë-lewer*. Weer het ons in Hollands *ik ben platzak*, *ruttebeurs* (dial.), 'n suiwere parallel, wat aantoon dat ook dit nie iets is waaraan die Hollandse taalgevoel groot aantoot kan neem nie. Vir my gevoel — weer 'n subjektiewe oordeel — sluit hierdie soort uitdrukkinge volkome aan by die Afrikaans van die Bolandse Hottentot. Hoewel baie blank Afrikaners dié uitdrukkinge gebruik, is hulle minder ingeburger as *ek is honger* ens.

Die kwessie van die kleur — of geur — van aan Kreools-Afrikaans ontleende woorde is van baie belang vir die Afrikaanse taalkunde. Solank as daar nie 'n behoorlike studie van Kreools-Afrikaans gemaak is nie, waaruit allig fonetiese en ander kriteria kan vasgestel word, moet ons ons tevrede stel met gevoelsoordele. Dit is hier nie die plek om daaroor uit te wei nie, maar ek wil tog 'n paar voorbeelde gee van wat ek bedoel.

Die Hottentot se liefde vir drank is bekend, sy voorkeur vir beeldende uitdrukkinge ook. Wanneer ons nou daarop let dat

in die uitdrukkinge vir *dronk wees* nie alleen uitbeeldinge in die Hottentotse gees soos *hy is vol geselskap, hoog in die takke, het 'n dop gestee, het tiermelk, kromhoutsap, druiwesop gedrink, meet die straat, (pad), loop twee rye spore, het deur die wingerd geloop, het in die son gekyk* veelvuldig voorkom nie, maar ook uitdrukkinge wat deur Hollanders as vreemd beskou word, soos *hy is lekkerlyf, hoenderkop*, dan kan miskien met rede in die laaste uitdrukkinge kreolismes gesien word, ondanks die ooreenkoms met Hollands *hij is platzak*. *) Ek kom later op die invloed van die Hottentot terug, en verwys hier alleen na Schonken, *De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen* en die verskillende dele diere- en Hottentotstories van von Wielligh, waar die Hottentotgees tot uiting kom. Prof. Boshoff het wel 'n uitvoerige behandeling gegee van die direkte ontleninge aan Hottentots, maar hierdie veel belangriker terrein het hy nie betree nie, miskien omdat hy meer van naby bekend is met Kaffer- as met Hottentots-Afrikaans. Naas hierdie twee vorme van Kreools-Afrikaans verdien natuurlik ook Maleis-Afrikaans noukeurige studie, al word dit vir 'n deel gedek deur die Hottentots-Afrikaans van die Boland. Die Bolandse Hottentotte is immers vir 'n groot deel afstammeling van die slawe, waaronder naas Malgasse en Masbiekers en Malbare ook baie Maleiers was. Dit moet in aanmerking geneem word telkens wanneer daar sprake is van indirekte „Hottentotse” invloed.

Uit hierdie paar verklaringe van beweerde of egte kreolismes in Afrikaans, blyk my standpunt voldoende om nie verder op al die voorbeelde deur Prof. Hesseling aangehaal en deur my vroeër bespreek, weer in te gaan nie. Dit kan wees dat ek hier te veel nadruk lê op Hottentots-Afrikaans teenoor b.v. slawe-Afrikaans — waartussen origins voorlopig nog geen lyn kan

*) Soms het 'n woord uit Hottentots-Afrikaans dieselfde aantrekkingskrag wat 'n „slang”-woord in ander tale het. So herinner ek my uit my kinderjare die woord „uitoorlê” uit die mond van Hottentotte te gehoor het (vgl. le Roux, Klankleer, p. 33, waar dit voorkom in die vorm „uitgearle”, wat die skrywer blykbaar vreemd voorgekom het). Vandag is dit skering en inslag van die Afrikaanse politieke jargon.

getrek word nie — maar dit kan alleen as 'n detailfout beskou word, aangesien al twee die vorme onder vreemdelinge-Afrikaans val.

As bewyse van Maleis-Portugese invloed kan sulke vermoedelike kreolismes eers aangesien word wanneer geen parallele in Hollands maar wel in Maleis of Portugees kan aangetoon word. Waar die parallele in Hollands skaars is, soos by *hij is platzak*, bestaan die *moontlikheid* dat ons in Hollands met 'n kreolisme uit die seemanstaal te doen het, maar ook dat so 'n uitdrukking in Hollands spontaan ontwikkel maar geen uitbreiding gekry het nie. Wat in Hollands spontaan *kon* ontstaan, maar deur iets afwykends in formasie weinig kans op uitbreiding gehad het, het in Afrikaans allig meer kans gehad om „carrière” te maak, omdat dáár natuurlik deur die menging van nasionaliteite die Hollandse taalgevoel moes afgeslyt het. Gevalle wat hiervoor in aanmerking kom is daar genoeg. 'n Voorbeeld wat aansluit by die soort uitdrukkinge onder bespreking is b.v. die Zaanse uitdrukking *hij is propschiet*. Ander voorbeelde van 'n soortgelyke formasie is my in Hollands onbekend. In Afrikaans egter is daar 'n groepie soos *dit gaat broekskeur*, *naelskraap* en nog 'n paar van minder kiese aard, wat dieselfde formasie: substantief + werkwoordstam vertoon. Die voorbeelde in Afrikaans vorm 'n assosiasiegroep wat betekenis betref. Gesteld dat daar in Maleis meer analoga van bestaan, moet ons dan besluit tot Maleïsmes in Afrikaans en Noord-Hollands, of tot spontane ontwikkelinge, met toevallige ooreenkoms in Maleis? Is *ons* in plaas van *wij* in Afrikaans en Seeus 'n kreolisme of spontane ontwikkeling? (vgl. p. 140). By die beantwoording van sulke vrae is die Afrikaanse ondersoeker gehendikep deur onbekendheid met die Hollandse dialekte en die gevolglike gebrek aan „aanvoeling” met die taalgees van die betrokke dialek. Dit lê by die Hollandse taalgeleerde om ons voor te lig oor uitdrukkinge soos *hij is platzak*, *hij is propschiet* en die gebruik van *ons* i. p. v. *wij* in Seeus.

By één van die -ismes meen Prof. Hesseling dat hy in staat

is om definitiewe Maleis-Portugese invloed aan te toon, nl. by die gewoonte om in Afrikaans die direkte voorwerp deur middel van 'n voorsetsel aan die werkwoord te verbind, b. v. *ek het vir hom gesien*. Schuchardt het aangetoon dat dieselfde verskynsel ook in Maleis-Portugees voorkom, en analoga is my, behalwe in Joods-Hollands, onbekend. Ek is dan ook gereed om hier 'n kreolisme aan Maleis-Portugees ontleen aan te neem, maar maak daarop attent dat dit in Hottentots-Afrikaans 'n baie gewone verskynsel is. In die halfbladsy Hottentots-Afrikaans wat le Roux aanhaal (*Beschr. Klankl. v. h. Afr.*, p. 33) kom die volgende voorbeelde voor: *ek lê soek na 'n frou* (bedoel is *soek 'n vrou om mee te trou*); *ek vraag an di man*; *die boer het mos fer ons uitgeoorlê* (oortroef, te slim gewees). Die eerste twee voorbeelde toon duidelik aan dat ons ook hier weer te doen het met 'n verskynsel wat nie vreemd is aan die Hollandse taalgees nie. Die voorstanders van spontane ontwikkeling kan met baie reg hier „spontane” kontaminasie aanneem. Ek neem alleen daarom 'n kreolisme aan, omdat dit my die natuurlikste verklaring lyk. 'n Sin as *ek het (vir) hom gesien* het ontstaan deur 'n sekere verwarring, wat die maklikste kan voorkom by sprekers wat nie tuis is in die taal nie, en is *opgeneem* omdat dit ooreenkoms vertoon met sinne waar 'n alternatiewe konstruksie moontlik is, soos *ek het (na) hom gesoek, hy vra (aan) my, ek sê (aan, teen) hom; koop (vir) my 'n hoed; bring, soek (vir) my die hamer* (vgl. van Ryn, *Het nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands*, p. 115). Sonder kennis van historiese grammatika sou ons ook teenoor die verskil tussen datief- en akkusatiefbegrip vandag anders gestaan het! (vgl. Verdam, *Uit de Gesch. der Ndl. Taal*, p. 134).

Prof. Hesseling praat van „de neiging om met nadruk te spreken die aan 't Kreools eigen is” (*Het Negerhollands*, p. 101), terwyl Dr. Kruisinga daarop gewys het, dat 'n sin soos *die wat ons kan help trek ons nog dieper in die draaikolk in*, eers begryplik word as voor die eerste of die tweede *ons 'n vir* sou te staan kom. As ons dus hier kreoolse nadruklikheid

aanneem, dan versterk dit die vermoede dat ons te doen het met 'n kreolisme, maar verswak die argument ten gunste van spesifiek Maleis-Portugese invloed.

Schuchardt het daarop gewys (*Kreolische Studien*, IX, p. 227) dat hierdie verskynsel in Maleis-Portugees en ander kreoolse tale alleen voorkom voor „das belebte Objekt”. Dieselfde is die geval in Afrikaans, waar die objek 'n lewende wese moet wees. Eers het ek gemeen dat hierdie ooreenkoms dit noodsaaklik maak om hier Maleis-Portugese invloed aan te neem, *) maar dit kom my nou voor dat ook in Hollands die genoemde alternatiewe konstruksies in hoofsaak voorkom by persoonlike voornaamwoorde, d.w.s. wanneer die objek 'n lewende wese is. Schuchardt probeer dan ook om van hierdie verskynsel, soos by *ek is honger* 'n dieper geleë verklaring te gee, wat berus op „der Gegensatz des Belebten (und vor allem des Persönlichen) zum Unbelebten im Urarischen”, maar daar kan ek hom nie volg nie.

Die besproke sintaktiese verskynsels, waarvan ek hier die belangrikste genoem het, kan verskillend beoordeel word, maar ek meen dat met die oog ook op die geskiedenis, eers aan spontane ontwikkeling of moontlike indirekte invloed van vreemde tale moet gedink word, voor direkte inwerking van Maleis-Portugees, Hottentots, Frans of Duits in aanmerking kom. En so beskou, kom dit my voor dat Prof. Hesseling op geen enkele punt direkte Maleis-Portugese invloed op die sintaksis van Afrikaans bewys het nie. Alleen is hy daarin geslaag om op 'n paar punte sulke invloed in meerder of minder mate waarskynlik te maak. En selfs op dié punte is m. i. indirekte invloed in byna al die gevalle baie meer waarskynlik. Op alle punte het dit geblyk dat alleen sodanige „eienaardighede” — van die standpunt van teenswoordige Hollands beskou — bestendig is, waarvan analoga in Hollands te vind is, of waarvoor minstens plousiebele aanknopingspunte bestaan het.

*) *Afr. en Mal.-Port.*, p. 87.

c. DIE VORMLEER.

Die klein persentasie van aan Maleis-Portugees ontleende woorde in die Afrikaanse woordeskat en die afwesigheid van alle bewese direkte invloed van dié taal op die Afrikaanse sintaksis maak dit al byna oorbodig om verder stil te staan by die vorm- en klankleer. Ek behandel hier dan ook weer net 'n paar prinsipiële gevalle, en verwys verder na *Maleis-Portugees en Afrikaans* (p. 91—111).

Aan die begin van Prof. Hesseling se hoofstuk oor die vormleer stuit ons op hierdie beginselkwessie: „waar... invloed op de vormleer bewezen is, behoeft zeldzaamheid van overgenomen woorden geen onoverkomelijk bezwaar te zijn tegen het trekken eener conclusie, al zijn ook de gevallen uiterst schaarsch waarin een taal door aanraking met een andere vervormd wordt, zonder dat haar woordenschat daarvan zeer duidelijke en talrijke sporen draagt.” Of Prof. Hesseling self glo aan die moontlikheid van so 'n invloed op die vormleer sonder dat die woordeskat duidelike spore van dié invloed vertoon, is nie duidelik nie. Op die klankleer en die sintaksis lyk so 'n invloed my denkbaar, maar nie op die vormleer nie, of dit moet indirekte invloed wees, b.v. van Maleis-Afrikaans op suiwer Afrikaans.

Dr. Kruisinga sê in sy artikel in *Taal en Letteren*: „invloed van het Hottentotten-Hollands blijft mogelijk, al was er geen enkel Hottentots woord in het Afrikaans opgenomen”, woorde waarvan Prof. Hesseling in sy bestyding van dié artikel „goede nota” neem, en met die volgende verandering tot sy eie maak: „invloed van het Frans op het Engels blijft mogelijk, al was er geen enkel Frans woord, of al is er geen enkele Franse buigingsvorm, in 't Engels opgenomen.” Dit kom my voor dat Prof. Hesseling die gedagtegang van Dr. Kruisinga hier nie gevolg het nie, en 'n onbillike interpretasie van sy woorde gee. Dr. Kruisinga sê immers „Hottentotten-Hollands” en nie „Hottentots” nie. Die parallel sou dus alleen opgaan as Prof. Hesseling praat van invloed van „Frans-Engels” op

Engels. Hierop berus die grootste verskil tussen die Maleis-Portugees- en die vreemdelinge-Nederlands-teorie!

Op bls. 128 van *Het Afrikaansch* sê Prof. Hesseling dat as Dr. Hahn „ons had kunnen meedeelen dat de jonge Afrikaner van zijn speelgenooten Hottentotsch leerde, dan zou hij een argument van gewicht hebben aangevoerd, maar hij zegt zelf dat ook die ayas en kameraadjes Afrikaansch spreken.” Ja, maar wat vir soort Afrikaans? Op die volgende bladsy gee Prof. Hesseling dan self 'n voorbeeld van Hottentots-Afrikaans en merk daarby op: „ongetwyfeld ziet dat Afrikaansch der kleurlingen er anders uit dan de taal der blanken” (ald. p. 100).

Dit sal dan ook niemand meer verbaas nie, dat die voorbeelde van invloed op die Afrikaanse vormleer deur Prof. Hesseling aangevoer van dieselfde soort is as die sintaktiese: hulle *kan* verklaar word deur spontane ontwikkeling, bied ooreenkomste of aanknopingspunte met Hollands en kan so goed as nooit teruggevoer word op Maleis-Portugese voorbeelde nie. So die uitbreiding van die *s*-meervoud, die verkleiningsuitgang op *-tjie*, die omskrywing van die genitief deur middel van 'n besitlike voornaamwoord, die gebruik van *die* as bepalende lidwoord, van *ons* in plaas van *wij* en die slytasie van die werkwoordelike uitgang.

Al die voorbeelde kan ook weer nie oor dieselfde kam geskeer word nie. So beskou Prof. Hesseling dat die gebruik van *die* as lidwoord 'n „vrijwel bewezen” Maleïsme is deur op te merk dat „slecht Hollandsch sprekende Sinjos op dezelfde wijze 't lidwoord vervangen door *di*”, en dat in Maleis „het aanwijzend voornaamwoord *itoe* somtijds bijna (!) als lidwoord gebruikt word” (p. 136). Ek het aangetoon (*Afr. en Mal.-Port.*, p. 97) dat die gebruik van *die* as lidwoord in reisverhale van die 16de eeu af tot in die tweede helfte van die 17de eeu deurlopend voorkom, en sou die aangehaalde bewysplekke kan verdubbel. Prof. Hesseling meen te moet aanneem dat hierdie gebruik in die reisverhale wys op Maleis-Portugese invloed op die seemanstaal (vgl. benede p. 109). Selfs al was

die as lidwoord in die seemanstaal van oorsprong 'n Maleïïsme, wat dit seker nie is nie, dan nog sou dit geen bewys wees van direkte Maleise invloed op Afrikaans nie. Ten opsigte van Afrikaans mag die seemanstaal van die 17de eeu tog seker as Hollands beskou word? Maar as die middeleeuse gebruik van *die* as lidwoord vir sy bestendiging vreemde invloed nodig gehad het, lê dit dan nie meer voor die hand om Duitse invloed aan te neem nie, aangesien in dié taal in die nominatief en akkusatief vroulik enkelvoud, en manlik, vroulik en onsydig meervoud die lidwoord *die* heet? In Duits gekleurde Hollands het ons daar trouens voorbeelde van. 'n Pamflet in die Koninklike Bibliotheek in Den Haag (Nr. 2338 c) het tot titel: Een Cleyen Lichterken (waarmede het Schip daer *die* voor roeyende Jacht van mentionirt) een weynich ontlast wert, om dat het te beter van *die* seer zandige Rhee . . . te beter mocht los geraken, hetwelk seer geballast is, mit *die* gepractiseerde Verradery van Goch" ens . . . 1617. In die teks, wat sterk Duits gekleur is, staan herhaaldelik *die* i. p. v. *de*. En op die seemanstaal kan m. i. met meer reg Duitse as Maleise invloed verwag word. Ek beskou dit egter heeltemal onnodig om Duitse invloed aan te neem ter verklaring van 'n verskynsel wat so duidelik oorgeërf kan wees.

In nog een eienaardigheid van die Afrikaanse vormleer sien Prof. Hesseling 'n Maleïïsme, nl. in die gebruik van 'n bywoord van tyd, b.v. *toe*, met die teenswoordige tydsvorm om die verlede tyd van 'n werkwoord uit te druk, — wat sou ooreenkom met Maleis-Portugees en die Hollands van Sinjo's, soos *Jacob ja morree* (letterlik *Jacob reeds sterf*) en *verleden week luitenant Beerman zegt*. Die verband waarin die eerste uitdrukking voorkom, toon aan dat die gebruik in Maleis-Portugees verskillend was. In Afrikaans kan die genoemde konstruksie alleen in die verhalende styl gebruik word, soos in die tweede voorbeeld — en in Hollands, van die 17de eeu af: *voorts kompter bruysent an een schip vol ruelosen . . . die klampen hem anboort en legghen hem een laagh, . . . en raken so voort slaagh* skryf Bredero (vgl. van der Veen, *Taaleigen van Bre-*

dero, p. 116 en benede p. 105). By van Ginneken staan 'n verhaal: „In de Freweele Kurretrekker” waarin dit wemel van voorbeelde van hierdie konstruksie in plat (Amsterdams (*Handboek* 1, p. 43). En in beskaafde Hollands is dit tog ook 'n gewone verskynsel, waarvan ons geen voorbeelde hoef aan te haal nie. Vir hierdie konstruksie in Afrikaans hoef ons die uitgangspunt nie buiten Hollands te soek nie.

'n Verder bewys vir die kreolisering van Afrikaans vind Prof. Hesseling in onreëlmatige vorme, onklankwettige verskynsels, soos *loop, maak, roep, gee, lê* naas *sterwe, skrywe, vrywe*. Die voorbeelde is sleg gekies, want die „klankwet” lê voor die hand: werkwoorde waarvan die „stam” in Hollands op die stemhebbende klanke, *d, g, v* uitgaan neem dikwels 'n slot-*e* in Afrikaans, soos *bidde, terge, lawe*. Verder same-trekking vind later plaas: naas *biede, g(e)lowe, sorge*, staan *bieë, (bie), glo, sôre*; in sommige gevalle is alleen die same-getrokke vorm nog in gebruik: *klee, smee, bly, gee; vee (veeg), wee (weë, weeg)*. Hierdie selfde klankreël speel 'n rol by die „verbuiging” van die adjektief. In plaas van hierin 'n bewys van kreolisering te sien, het ons m. i. hier 'n duidelike voorbeeld van spontane ontwikkeling, en 'n *sterk argument ten gunste van die ononderbroke Nederlandse oorlewering van Afrikaans.* *)

By die verklaring van die werkwoorde *verloor* en *dolwe*, waar in Afrikaans 'n vorm wat ooreenkom met die Hollandse imperfek diens doen as praesensvorm, kan gedink word aan invloed van vreemdelinge-Afrikaans, en dit is m. i. die mees aanneemlike verklaring. Soos in Hollands en in ander Germaanse tale (vgl. Holl. *koos*, Eng. *chose*, Du. *frieren, verlieren*) het die vormverskil ten gevolge van die sogenaamde „grammatischer Wechsel” by Afrikaans *verloor* seker verwarring in die hand gewerk, veral by vreemdelinge. 'n Parallel met Afrikaans *dolwe* sien ek in Hollands *worden*, waar die

*) Dat ons hier op dieselfde moment drie ontwikkelingsstadia van een klankwet sien, is belangrik vir die voor- en teenstanders van die „Ausnahmslosigkeit der Lautgesetze”.

vokaal van die verlede deelwoord (en die verlede tyd meervoud) in die praesensvorm gedring het, soos dikwels aange-
neem word (anders by Franck-van Wijk). Vgl. benede p.
146. Ook hier dus weer aanknopingspunte in Hollands, waar-
deur verskynsels in vreemdelinge-Nederlands meer kans op
bestendinging gekry het.

d. KLANKLEER.

In die Afrikaanse klankleer vind ek, naas die geskiedenis,
die sterkste bewys vir die vreemdelinge-Nederlands-teorie.

Prof. Hesseling het hierdie terrein te glibberig gevind, en het
tot ondersteuning van sy teorie alleen die vermoede uitgespreek
dat met die oog op die verlies van die slot-*t* in woorde as *herfs*,
vernuf, *sug*, wat laat dink aan die taal van Hollandssprekende
Sinjo's, „ook op de klankleer van 't Afrikaansch invloed van
het Oosten te constateeren moet zijn.” Dieselfde klankver-
skynsel kan egter baie nader tuis waargeneem word, nl. in
onderskeie Hollandse dialekte. Dit is dan ook 'n baie alledaagse
fonetiese verskynsel — van die Middelnederlandse tydperk af
(vgl. *Afrikaans en Maleis-Portugees*, p. 110).

Prof. du Toit, wat seker veral hier die Maleis-Portugees-
teorie sou wou aangevul het, moet erken dat dit „erg moeilik,
indien niet onmogelijk” is om in die Afrikaanse klankleer spore
van Maleis-Portugese invloed te vind. En dit om twee redes:
1o. „er zijn daartoe te weinig woorden bekend” ('n erkenning
wat pleit teen die Maleis-Portugees-teorie) en 2o „het Ma-
leisch-Portugeesch is een mengeltaal, niet een duidelijk afge-
bakende taalkundige eenheid” (*Afr. Stud.*, p. 63). In teen-
stelling met Dr. Hoogenhout, wat aan Engelse invloed dink,
toon Prof. du Toit aan dat die dialektiese uitspraak van *j* (as
dj) in die omstreke van die Kaap, Stellenbosch en die Pêrel,
soos dit gehoor word in die mond van kleurlinge, Maleiers en
miskien 'n paar blanke, aan Maleise invloed moet toegeskryf
word. Vir hierdie uitspraak kan in Hollands geen verklaring
gevind word nie, en ek sluit my volkome aan by Prof. du Toit se
verklaring, met herhaling van die nadruk wat hy lê op die feit
dat dié uitspraak in hoofsaak beperk is tot Maleiers en kleur-

linge. Tog weet ek uit eie waarneming dat meer dan 'n paar blanke, buiten Engelse invloed om, *dj* uitspreek (le Roux, *Klankleer*, § 106), hoewel dit algemeen as plat geld. *Ons het dit dus hier so goed as seker te doen met 'n eienaardigheid in Maleis-Afrikaans, beperk tot die streke waar die slawe-invloed die sterkste was.*

In dieselfde gebied waar die *j* as *dj* uitgespreek word, kom ook voor die uitspraak van lang, geslote *e* en *o* as *ie* en *oe* (behalwe voor *r*), 'n verskynsel wat ook veral in die taal van Maleiers en kleurlinge voorkom, maar soms ook deur die taal van minder beskaafde Afrikaners tot dié van meer beskaafde deurgedring het (vgl. Roux, *Klankleer*, §§ 14, 62, 67). Van hierdie verskynsel het ek nog geen verklaring gevind nie. In die oorgang van *e* tot *ie*, wat algemener skyn te wees as die van *o* tot *oe*, word deur le Roux tereg iets anders gesien as die Mnl. en Noord-Hollandse *ie* uit Germ. *ai*, maar verder skyn die oorsprong van hierdie afwyking onbekend te wees. In Hollandse leenwoorde in Maleis vind ek die oorgang nie. In Meinhof, *Lehrbuch der Nama-Sprache*, § 1, staan die volgende opmerking: „Wenn die Vokale allein stehen, kommen *e, i, o, u*, nur in enger (geschlossener) Aussprache vor, weshalb der Anfänger leicht *e* als *i* und *o* als *u* hört. So erklärt sich der häufige Uebergang von *e* in *i* bzw. von *o* in *u*“. Ek gee die aanhaling vir wat dit werd is. As die Afrikaanse verskynsel aan Hottentotse invloed moet toegeskryf word, is dit eienaardig dat dié invloed so plaaslik gewerk het.

Van meer belang vind ek die volgende. In Hollandse leenwoorde in Maleis vind ons nie alleen *djas* en *djongos* vir *jas* en *jongen* nie, maar ook *boem*, *boentjis* en *koel* vir *boom*, *boontjes* en *kool* (vgl. Klinkert, *Mal.-Ndl. Zakwdb.*, 2de uitg., en van Ginneken, *Regenboogkleuren* ens. p. 224). Moet ons dan nie ook, ten minste in die oorgang van *o* tot *oe*, Maleise inwerking sien nie? Dit sal my niks verwonder as later blyk dat ook by die oorgang van *e* tot *ie* invloed van die slawetaal in aanmerking moet geneem word nie.

In *De Oorsprong van de Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen*, die bewerkte Hollandse uitgawe van F. Th. Schon-

ken se Duitse dissertasie, toon die skrywer hom 'n voorstander van die Maleis-Portugees-teorie.

Met betrekking tot vreemde invloed op die Afrikaanse klankleer, het hy twee suggesties: by die *a*-uitgang in woorde soos *harta, katta, kinna, Pieta, Gotta* (kindervorme vir *hart, kat, kind, Piet, God*) en by die uitgang *-ag*, Holl. *-ig*, vermoed hy Maleise invloed, terwyl hy van dié invloed oortuig is by sulke vorme as *doring, garing, horing, karring, koring, toring, torring, varing* en *blinding, kussing*. By die eerste groep sou woorde as *aia, nonna, tata* die stoot gegee het, by die tweede die Maleise uitgang *-ing*, vgl. *toering* en *katjiepierung*.

Die verklaringe is moontlik maar nie oortuigend nie. By die eerste groep — almal woorde uit die klein-kindertaal — moet m. i. as verklaring aangeneem word die algemene voorliefde wat kinders op 'n sekere leeftyd het vir die *a*-klank, soos veral blyk uit die woorde, *pa, ma, pappa, mamma*. Vir die fonetiese ontwikkeling van *-ig* tot *-ag* voer hy geen verklaring aan nie, wat jammer is; want dié verskynsel, hoewel baie verbreid ook onder blanke, geld as plat en word in die Afrikaans van die Bolandsvolk as tiepies beskou. Vergelyk nog *galoop, gakom, ravier* vir suiwer Afrikaans *geloop, gekom, rivier (revier)*. Ek beskou die ontwikkeling as spontaan. Die Afrikaanse klank lê digter by die Hollandse as die Hollandse skryfwyse laat vermoed.

Van die tweede punt — wat seker 'n Afrikaanse eienaardigheid vorm — kan ek geen afdoende verklaring gee nie, maar die verklaring van Schonken sal seker niemand bevredig nie. Voor ons aan Maleis dink, moet suffikssubstitusie, soos by Hollands *ketting* naas *keten*, *bokking* naas *bokkem*, in oorweging geneem word (vgl. Franck-van Wijk i. v.). Teenoor die paar Maleise woorde met die uitgang *-ing*, deur Schonken genoem, staan dosyne Hollandse: *bokking, haring, paling, spiering; honing, ketting, penning, schelling, zuring, bedding, voering, zitting, uitspanning; dreuning, walging, kleding*, ens. *Blinding* en *laning* is nie spesiaal Afrikaans nie. Die vorm *satang* kan aan vreemde invloed, miskien Franse, toe te skrywe wees. Ook by die ander vorme is ek nie ongeneig om aan te neem dat die suffikssub-

stitusie eers in die Nederlands van vreemdelinge plaasgevind het nie en toe in algemeen Afrikaans oorgeeneem is. Prof. Hesseling (*Het Afr.*, p. 150 vlg.) betoog teen Franse invloed, aangeneem deur Prof. te Winkel, en ook teen dialektiese invloed, aangevoer deur Dr. W. J. Viljoen, maar beproef verder geen verklaring nie.

As ons dus die taalkundige argumente ten gunste van direkte invloed van Maleis-Portugees op Afrikaans nader in oënskou neem, dan val sulke invloed, hoewel gering, nie te ontken nie, met name op die woordeskat van Afrikaans. Van direkte invloed op sintaksis en vormleer het ons geen oortuigende bewyse gevind nie, seker geen bewyse van „een zeer ingrijpenden invloed” nie (*Het Afr.*, p. 153). Waar kreoliserende invloed op die Afrikaanse sintaksis moontlik of waarskynlik gemaak is, ontbreek bewyse dat ons werklik met Maleis-Portugese invloed te doen het. Histories bestaan daar geen rede om aan indirekte invloed van Maleis-Portugees die voorkeur te gee bo Hottentots nie. Met indirekte invloed word dan bedoel: invloed van die moedertaal van die spreker wat sig openbaar in sy krom-Nederlands. Waar Maleise invloed op die Afrikaanse klankleer bewys of waarskynlik gemaak is, het ons te doen met lokale verskynsels, wat in hoofsaak beperk is tot wat „rasdialektiese Afrikaans” kan genoem word.

Die afskaffing van grammatikale oorbodighede is 'n algemene taalneiging, wat veral groot uitbreiding kry by onderbroke traditiese. Daarom sien ek in die bewaring van die totaal oorbodige *-e* in werkwoordelike en byvoeglike vorme soos *bidde*, *buie*, *drywe* en *harde*, *droë*, *dowe* 'n bewys dat die Nederlandse taaltraditiese in Suid-Afrika nooit heeltemal onderbroke was nie, Afrikaans dus geen Maleis- of Hottentots-Nederlands is nie.

Die lokale spore van Maleise invloed op die taal, tesame met die historiese gegewens wat ons besit, dui aan dat dié invloed nie algemeen werkzaam was nie, en dus nie as verklaring van die ontstaan van Afrikaans kan dien nie.

HOOFTUK V.

Die Vreemdelinge=Nederlands=Teorie.

Die belangrikste besware in die voorafgaande bladsye teen die opvattinge van Prof. Hesseling ontwikkel is:

1. dat Afrikaans met geen reg 'n gemengde of 'n mengeltaal genoem kan word nie. Waar Prof. Hesseling volhou dat Afrikaans dit wel is, beoordeel hy m. i. sowel die aard as die graad van beïnvloeding deur vreemde tale verkeerd; want om Afrikaanse eienaardighede te verklaar wat nie aan spontane ontwikkeling kan toegeskryf word nie, moet in aanmerking geneem word

2. dat invloed van Maleis-Portugees as handelstaal aan die Kaap miniem was, en invloed van dié taal as slawetaal in hoofsaak in die 18de eeu werksaam was en wel in die Suid-Weste van die Kaapkolonie;

3. dat ons daar bewys voor het dat in die 17de eeu, in die tyd van van Riebeeck en van van der Stel, aan die Kaap ander vorme van Nederlands as „recht Hollants Nederduyts" gepraat is, en wel o. a. „een gebroken spraek" onder invloed van die krom-Nederlands van die Hottentotte;

4. dat gewestelike spore van Maleise invloed kan aangetoon word in Afrikaans, en wel in dié streke waar die geskiedenis leer dat die slawe-invloed die grootste moes gewees het;

5. dat kennis van plaaslike toestande, soos dié wat vandag heers in dele waar blanke in aanraking lewe met Kaffers, aantoon dat die direkte inwerking van bediende- of slawetaal op dié van blank meesters gering is.

Hiermee word alle direkte invloed van Maleis-Portugees nie ontken nie. Die Afrikaanse woordeskat en die gewestelike eienaardighede maak, soos gesê, so 'n ontkenning onmoontlik.

Ek is bereid om te erken dat die geskiedenis in die 18de eeu sterker pleit vir direkte invloed as ek in *Afrikaans en Maleis-Portugees* wou toegee. Dit blyk dat daar in dié eeu in die Boland, en veral in Kaapstad, heel wat blanke was wat met hulle slawe krom-Portugees gepraat het. Maar as verklaring van die karakter en ontwikkeling van Afrikaans skiet die Maleis-Portugees-teorie sy doel verby deur meer te wil gee as aanneemlik kan gemaak word, en meer as wat nodig is om die Afrikaanse taalfeite te verklaar.

My opvatting oor die ontstaan van Afrikaans sou ek as volg wil formuleer:

In so ver as Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Hollands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Hollands hoofsaaklik onder invloed van die Nederlands van vreemdelinge.

Hierdie formulering wyk baie min af van dié wat ek in *Afrikaans en Maleis-Portugees* gegee het. Die afwykinge bestaan daarin dat ek die woord *adaptasie* wil vermy, deels omdat ek dit gebruik wil sien in toepassing op die alternatiewe teorie van Dr. Kruisinga, deels omdat ek instem met die beswaar van Prof. Boshoff dat dit aanleiding kan gee tot verwarring met *adoptasie*. Die woord *hoofsaaklik* is ingelas om te laat uitkom dat ek nie alle direkte invloed van vreemde tale ontken nie. In dié opsig is dit 'n verbetering van my vorige formulering, hoewel dit geen verandering van mening beteken nie, daar ek destyds ook reeds direkte invloed in aanmerking geneem het. En-eindelik maak ek in hierdie formulering onderskeid tussen Nederlands, Hollands en Afrikaans. Ek hoop die arbitrêre van die onderskeiding sal verskoon word terwille van die noodsaaklikheid van 'n onderskeiding.

Die teorie hier voorgestel het punte van aanraking met sowat alle teorieë tot nog toe aangevoer, maar veral met dié wat

nadruk lê op spontane ontwikkeling en indirekte inwerking. Ook met die algemene beskouinge van Prof. Hesseling op blss. 142—145, 154—155 van *Het Afrikaansch* kan ek my in hoofsaak verenig, veral waar Prof. Hesseling die veranderinge in Afrikaans toeskryf aan Maleis-Portugees „maar *niet* aan die taal als zoodanig”. Daar kan m. i. dan ook geen beswaar wees vir Prof. Hesseling om my teorie aan te neem nie, al was dit maar omdat dit eenvoudiger en algemener is as die Maleis-Portugees-teorie. Sulke opvattinge as die volgende deel ek volkome: „Wel heeft de blanke bevolking ook in de 17de eeuw het Hottentotsch nimmer in grooten getale gesproken, doch 't is zeker dat (het Maleisch-Portugeesch en) 't van die blanken geleerde Hollandsch in den mond der inboorlingen de nationaliteit der sprekers niet heeft verloochend; op die wijze kan van zijdelingschen invloed sprake zijn Doch men vergete niet dat men in dien zin ook kan denken aan den invloed van 't idioom der negers uit Angola, van 't Madagascarsch, 't Mala-barsch en hoe verder de talen mogen heeten der bonte slavenbevolking” (p. 154).

In sy resensie van my dissertasie (*De Nieuwe Taalgids*, 1916) het Prof. Hesseling my besware teen sy opvatting saamgevat in vier punte: 1. die geskiedenis toon nie aan dat die blanke in groot getalle Maleis-Portugees gepraat het nie; 2. Afrikaans kan geen mengeltaal genoem word nie; 3. baie van die sogenaamde Maleis-Portugese ontleninge in Afrikaans kan via Nederlands ontleen wees en 4. Afrikaans moet ontstaan wees onder invloed van vreemdelinge-Nederlands. Alleen die laaste punt interesseer ons hier. Prof. Hesseling merk in verband hiermee op: „Dr. Bosman noemt . . . terecht zijn teorie een gewijzigde opvatting van de mijne. Misschien heeft hij gelijk met de invloed der andere talen hoger te schatten dan ik doe . . . misschien, want hij moet zich hier bepalen tot het uitspreken van een mening: „die verdere toepassing van die gewijsigde teorie laat ik agterwege”, zegt hij. Dat verwondert mij niet, want al zou „de verdere toepassing” nu juist wezen wat ik begeerde te horen, ik begrijp wel dat er geen gegevens

zijn die meer veroorloven dan de vaagheid van een algemene onderstelling".

Op my beurt sou ek graag 'n beoordeling gehad het juis van die opsig waarin ek gemeen het dat die Maleis-Portugees-teorie moet gewysig word, dié nl. dat Afrikaans geen gekreoliseerde Nederlands is nie, maar hoogstens Nederlands onder invloed van Kreools-Nederlands. Dat ek die „invloed der andere talen" hoër skat as Prof. Hesseling, is nie hoofverskil tussen ons opvattinge nie, is selfs bysaak. En dat ek in 'n krietiese beskouing oor die Maleis-Portugees-teorie nie dieper ingegaan het op die konsekwensies van my eie opvatting nie, was nie in die eerste plek daaraan toe te skryf dat daar geen gegewens was wat meer as die vaagheid van 'n algemene onderstelling veroorloof nie. Teen die historiese argumente ten gunste van my opvatting kan geen bedenkinge geopper word nie: Duitsers, Franse, Hottentotte, Maleiers, Malgasse, Masbiekers, Malbare en Wes-Afrikaanse negers het algar hulle taal verloor in Suid-Afrika en via krom-Nederlands tot Afrikaans of krom-Afrikaans gekom. Hoe ek in besondere gevalle my die invloed van die krom-Nederlands voorgestel het, het ek in *Afrikaans en Maleis-Portugees* herhaaldelik aangegee (p. 83 vlg.). My uitdrukking „verdere toepassing" moet dan ook gelees word met die nadruk op die eerste woord.

Ook in hierdie werk het ek al duidelik laat uitkom hoe ek my teorie wil toepas by die verklaring van Afrikaanse taalfeite (vgl. p. 79 vlg.). Tog lyk dit my gewens om hier nog 'n samevattende beskouing te laat volg, nie oor die ontwikkeling van Afrikaans nie — daarvoor ontbreek ons nog te veel gegewens — maar oor die omstandighede waaronder die ontwikkeling plaasgevind het. Taal is — seker in die eerste plek — 'n sosiale verskynsel en die ontwikkeling wat Afrikaans deurgemaak het sal nooit goed begryp word voor die sosiale omstandighede waaronder dié ontwikkeling plaasgevind het, min of meer bekend is nie.

Vooraf is nodig 'n ondersoek na die Afrikaanse grondtaal in die engere betekenis van die woord. Daarby is dit vir

die moment van minder belang of die grondtaal Noord- of Suid-Hollands was, en watter invloed aan Seeus moet toegeken word. Ons kennis van 17de-eeuse Hollandse dialekte is so gering dat hierdie wetenskap ons nie veel baat nie, hoe interessant die vrae op sigself ook al is (vgl. Boshoff, *Volk en Taal*, en *De Nieuwe Taalgids*, XVI en *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 1, afl. 1).

Nadat ons iets nader weet omtrent die Hollandse grondtaal, sal dit noodsaaklik wees om na te gaan onder watter toestande dié taal in Suid-Afrika ontwikkel het. Daartoe sal in die eerste plek nodig wees 'n ondersoek na die verskillende groeptale in Suid-Afrika, na die verhoudinge waarin die groepe tot mekaar gestaan het, dan na die sosiale omstandighede waaronder die groepe op mekaar ingewerk het, en eindelik na die manier waarop die verskillende groepe saamgesmelt en 'n taaleenheid geword het. Wat reeds hieroor bekend is, gee ek beknop weer, en voer dan, enigsins uitvoeriger, nuwe materiaal by om die kennis van die sosiale lewe van ons voorouders uit te brei.

GROEPTALE.

(a). *Die 17de-eeuse Hollandse Volkstaal.*

Hoewel dit byna van self spreek en dikwels genoeg gesê is, moet daar tog telkens op gewys word dat die grondtaal waaruit Afrikaans ontwikkel het, nie die 17de-eeuse skryftaal van b. v. Vondel of Hooft was nie, maar die taal van die onontwikkelde Hollandse volk, meer spesiaal die 17de-eeuse Hollandse see-manstaal. Ongelukkig is dit nie maklik om ons 'n duidelike denkkeeld te vorm van die spreektaal van die gewone volk van dié tyd nie. Uit die aard van die saak berus al ons kennis daarvan op geskrewe oorlewering. Gelukkig is daar heel wat geskryf in 'n vorm wat taamlik naby die spreektaal van die tyd moes gestaan het, maar selfs 'n getroue weergawe van die spreektaal in dooie tekens, wat die gesproke klanke alleen maar kan benader, vereis nog interpretasie voor die taal vir ons lewe.

'n Uiteensetting van die punte waarin die 17de-eeuse volkstaal, vir so ver as ons dit kan rekonstrueer, afwyk van die teenswoordige Hollandse skryftaal en ooreenkomste bied met Afrikaans, sou op sigself 'n hele studie vereis. Ek vestig hier dus die aandag net op 'n paar hoofsaake.

Op die gebied van die woordgeslag in Hollands het daar die grootste verwarring geheers, nie alleen tussen dialekte onderling nie, maar in dieselfde dialek, by dieselfde skrywer.

As ons by van Riebeeck lees van *de strant* naas *het strant*, *de crael* naas *het crael*, *de ende*, *dese volcq*, *de ogenblicq*, *het oorlogh*, *de feest*, *de middel* ens. ens., dan sal die kenner van Middelnederlands die meeste van die gevalle wel kan verklaar, maar op iemand wat nie weet van die verwarring ten opsigte van die geslagte in die 16de en 17de eeu nie, maak dit 'n vreemde indruk. Dat die verwarring algemeen was in dié sin dat b.v. *de huis* naas *het huis* sou voorgekom het, was seker nie die geval nie. Maar as ons sien dat reeds in Middelnederlands b. v. *ogenblik* manlik, vroulik en onsydig was, *middel* ook manlik en vroulik, *einde* manlik en onsydig, *feest*, *oorlog* vroulik en onsydig ens. ens., dan word die skryfwyse van van Riebeeck begryplicher, en verstaan ons ook waarom dit nodig was dat grammatisie, soms vry arbitrêr, moes bepaal wat voortaan die geslag sou wees. Hierdie reglementering van die taal het die natuurlike ontwikkeling aan bande gelê — tot groot onheil vir die nageslag. (Vgl. Kollewijn: *Opstellen over Spelling en Verbuiging*, p. 40 vlg.). Jespersen het aangetoon dat die verwarring van die naamvalsuitgange in Engels aanleiding gegee het tot byna algehele defleksie (*Progress in Language*, p. 176). Wat sou die toestand ten opsigte van *de* en *het* vandag in Hollands gewees het, as daar van die 16de tot die 18de eeu geen skryftaal, of selfs alleen geen taalmeesters bestaan het nie?

Ook ten opsigte van die werkwoordelike vervoeging het die 17de-eeuse volkstaal verskil van die skryftaal. Spore hiervan sien ons b. v. by Bredero. Van der Veen (*Het Taaleigen van Bredero*, p. 13 vlg.) gee 'n aantal voorbeelde waar by Bredero die werkwoord in die enkelvoud en die onderwerp in die meer-

voud, of andersom staan: *De felle pynen . . . quam my door mijn ghesicht; 't Uytstellen van mijn lust verdrucken myn ghedachten.*

Net soos in Afrikaans, gebruik Bredero hebben waar beskaafde Hollands vandag zijn vereis: *Waar dat ick heb ghe-weest?; Heeft sy ghevalen* (t. a. p., p. 16; vgl. ook Ndl. Wdb. VI—225).

Bredero gebruik dikwels die teenwoordige in plaas van die verlede tyd: *Eens als hy sou gaan varen, . . . ontmoet haar onversien een boot; Hy gaat en treckt zijn sweert, en trat voort moedich tot de wreede beesten aan* (p. 116).

Waar in teenswoordige Hollands b. v. *hij ligt te denken* gesê word, skryf Bredero *hy leyt en denckt, het volck stondt en lachten*, net soos in Afrikaans (p. 118).

Dit lyk of daar geen reëls te gee is vir die verbuiging van die byvoeglike naamwoord by Bredero nie. Meestal gebruik hy die verboë en onverboë vorme deurmekaar: *d'ondanckbaar Mensch; mijn salighe schaap; de eerbaer jonghmans* (p. 29).

En eindelijk gebruik Bredero af en toe die waar teenswoordige beskaafde Hollands *de* vereis: *onder die blauwe lucht op d'aarde; dattet klinckt over die heele straat* (p. 47).

In die *Dagverhaal* van van Riebeeck (Deel 1, p. 428 vlg.) kom 'n brief voor van sekere Jan Symonsz, skipper op die Roode Vos, gedateer 3 Jan. 1655, waarin ek 'n interessante staaltjie van Hollandse seemanstaal sien, maar wat nie soveel van die volkstaal afwyk dat ons dit nie hier kan behandel nie. Die teks berus op 'n kopie wat blyke gee van slordigheid, maar dit is duidelik dat ons te doen het met onbeholpe en onvervalste volkstaal. Ek gee die volgende weer: *Mijnheer de heer van Riebeeck, voorts soo laet ick mijn h. weten, als dat wij het galjot schoon gemaect hebben . . . ende daer quamen alle dagen strandlopers bij ons, ende sijde, dat de Sardanien man bij ons comen soudent met schapen ende beesten te reuylen . . . Hoe dat sijn sinnen ende gedachten geweest heeft . . . Ick en stuyrman binnen soo cael als dat wij niet een hempt off een pack cleren hebben om aen te trecken, alsoo dat ick ver-*

hopen, dat Jochem Elbertsz. het alles betalen sal.... De robben waren soo mager, soo dat daer geen speck op en wassen.... Wij hebben heel verlegen geweest om pennen om de vellen daer mede te steecken.... met een eersten goeden wint te vertrecken nae de Kaep toe... al(s)dat wij swack van volcq waren.... 'n bietjie later als dat wij swacq van volcq was. En ick Jan Symonsz. en Claes Bensingh ben over lant gelopen... en sien als dat de boot aen boort leyt... vonden met malkanderen goet als dat hij op 't eylandt soude gaen en speculerende wat sij deden, en hadden sij den nacht overgebleven en met droncken drincken haer tijt versuymt, daer soude Claes Bensingh bij nacht aen boort geswommen hebben om te sien om de schuyt van haer te krijgen ende haer int schip met listicheydt te beloeren... ende ick weefde (wuijde) hem toe... Claes Bensingh en de maes (maats)... wij maeckte de boot wederom klaer en voeren na boort, en sanderdaeghs voeren wij na het eylant daer onsen volcq op was en haelde ons volcq daer aff.... Niet meer op dit pas; ick wens U mijn heer Riebeek, goede nacht, zijt van harten zeer gegroet".

Op die eerste gesig lyk dit of ons hier te doen het met verbasterde Hollands, maar as ons die afwykinge toets aan die voorbeelde uit Bredero aangehaal, dan meen ek dat ons hier alleen te doen het met 'n ongekunstelde brief in volkstyl. Dat die skrywer geen man van ontwikkeling was nie, blyk veral uit sy oorgange. Voegwoorde en verbindende bywoorde word in die volkstaal en ook in die algemene spreektaal veel minder gebruik as in die skryftaal. Ons het gesien dat selfs by Bredero vormkonkordansie by onderwerp en gesegde partymaal op soek is. By skipper Symonsz. is dit baie meer die geval, maar hy was dan ook nie skrywer nie maar skipper. By die beoordeling van die vorm *ben*, wat in die stuk dikwels in die meervoud voorkom (al het ek maar een geval aangehaal) moet in aanmerking geneem word dat dit deur sametrekking uit *bennen* ontstaan is, dus nie as voorbeeld van slegte konkordansie kan beskou word nie, en nog in hedendaagse dialekte

voorkom. Die vorm *wassen* i. p. v. *waren*, 'n analogiese formasie na die enkelvoud, kom o.a. in Gronings nog voor. By die voorbeeld van onreëlmatige opvolging van werkwoordelike tye by Bredero sluit die volgende voorbeeld uit hierdie brief mooi aan: *En 's morgens voor den dagen sou de kock water uyt de schuyt halen, soo riep de man als dat hij 't aleenigh niet klaren en kon; doen is Theunis Auckessen bij hem gelopen, sonder consent van imant; als hij in de boot comende, snijt het dreggetou sticken en set seyl bij en seylt naer het galjot toe.*

'n Noukeurige studie van hierdie brief sal aantoon dat die vooropstelling van die 17de-eeuse volkstaal as grondtaal waaruit die ontwikkeling van Afrikaans moet verklaar word, geen sinledige frase is nie. Die belangrike kwessie van die ontwikkelingstempo kry daardeur 'n heeltemal ander aansien as wanneer ons, soos meestal onbewus gebeur, Afrikaans vergelyk met die Hollandse skryftaal van destyds of van vandag.

Sonder kennis van die ouer volkstaal het dit voor die hand gelê om in Afrikaans *hy sit en dink* 'n voorbeeld te sien van newensskikking in 'n hieperanalietiese taal! Die gebruik van die historiese teenwoordige tyd, b.v. *toe sterf Jakob*, skrywe Prof. Hesseling, soos ons gesien het, toe aan Maleis-Portugese invloed.

Van die 17de eeu af het die Hollandse onderwystoestande, veral wat betref onderwys van die moedertaal, natuurlik baie verbeter. Eers in dié eeu het die Hollandse volk, as volk, 'n taalbewussyn ontwikkel, het daar 'n algemeen-beskaafde taal begin ontstaan met al die voor- en nadele daarvan vir die algemene taalgroei. Ons het al gesien hoedat die taalpoliesie begin vasstel het, nie hoe die taal *was* nie, maar hoe dit *behoort te wees*. In hoofsaak het die reglementering daarop neergekom dat Hollands moes geskoei word op 'n Latynse lees — wat Bilderdijk laat uitroep het: „ô Wel vervloekte Latijnsche Grammatica, die den menschen het denken verleerd heeft!” (Kollewijn, t. a. p., p. 166). Literatuur en grammatika, soos

die tot onlangs begryp is, het die natuurlike ontwikkeling van Hollands in baie opsigte gerem, en wanneer ons die ontwikkeling van Afrikaans wil meet deur dit met Hollands te vergelyk, dan moet ons in aanmerking neem dat die Afrikaanse ontwikkeling bevorder is deur die afwesigheid van omstandighede wat in Holland, van 'n bepaalde standpunt beskou, maar al te seer aanwesig was.

(b.) *Die 17de-eeuse Hollandse Seemanstaal.*

As dit moeilik is om 'n idee te vorm van die algemene volkstaal van die 17de eeu in Holland, nog moeiliker is dit om van die taal van een of ander groep, soos die seelui, 'n voorstelling te kry. Daar word dikwels gepraat, ook in hierdie boek, van 'n Hollandse seemanstaal asof dit 'n min of meer duidelik omskrewe en van die gewone Hollands sterk afwykende taaleenheid was, ongeveer in die gees as die *lingua franca* van die Indiese argipel 'n van Portugees sterk afwykende, aparte taal was. Selfs van hierdie *lingua franca* is ons voorstelling baie vaag, maar veel vager nog is ons kennis van die 17de-eeuse Hollandse seemanstaal. Behalwe dat in reisjoernale van dié tyd, deur Hollandse seelui gehou, dikwels woorde voorkom wat in Holland self onbekend of weinig bekend was — meestal woorde in verband met die seewese en name vir produkte van vreemde lande — het ons weinig gegewens wat aandui dat die seemanstaal aansienlik verskil het van die volkstaal van dié tyd. Alles wat van Ginneken in sy *Handboek der Nederlandse Taal* daaroor sê, betref alleen die woordeskat. En wat die klankleer betref: te oordele na dié woorde, verskil die seemanstaal nie van die gewone volkstaal nie.

Die hele aanname van 'n aparte Hollandse seemanstaal, as ons daar iets anders as 'n suiwer Hollandse groeptaal in wil sien, berus dan ook op 'n teorie. Ons weet nl. dat onder die Hollandse matrose van die 17de en 18de eeue 'n groot persentasie vreemdelinge was, veral Duitsers. En dit is duidelik dat die Hollandse skeepvaart, wat in wese 'n handelsvaart was,

gedurige aanraking met vreemde volke meegebring het. Dit lê dus voor die hand om aan te neem dat die vreemde matrose en handelsmense invloed gehad het op die taal van die Hollandse seevaarders. Dié vermoede is volkome gewettig, maar om steekhoudende bewyse van sulke invloed aan te voer is moeilik, behalwe dan wat betref die woordeskat.

Ons het gesien dat Prof. Hesseling — en Dr. Meyer-Benfey, wat hom hierin navolg — ander ideë het oor die Hollandse seemanstaal. Prof. Hesseling sien in die seemanstaal „onmiskembare tekens van een zeer sterke invloed van het Maleis en Portugees” (*De Nieuwe Taalgids*, 1916, p. 254). As bewys hiervoor voer hy aan die opmerklike ooreenkoms in woorde en klanke tussen die Nederlands van Suid-Afrika, Ceylon en Indië. Dit sou egter hoogstens 'n bewys wees vir die invloed van dié tale op die Hollands van die *koloniste*, en nie op dié van die seelui nie, 'n verskil waarop Prof. Hesseling op dieselfde bladsy wys! M. i. moet die ooreenkoms verklaar word „nach dem Grundsatz: Gleiche Ursachen, gleiche Wirkungen”, soos Dr. Meyer-Benfey sê.

Behalwe op woordeskat en klankleer, meen Prof. Hesseling op nog een punt invloed, met name van Maleis, op die seemanstaal te kan aantoon, nl. in die gebruik van *die* as bepalende lidwoord. Van Riebeeck se gebruik van *die* in plaas van *de*, hou hy „zeer zeker voor Indies”, omdat *die* as lidwoord destyds „voor zover wij weten, sedert lang door *de* was verdrongen.” Die voorbeelde wat ek in *Afrikaans en Maleis-Portugees* aangehaal het van die ononderbroke gebruik van *die* as lidwoord van die 16de eeu af tot aan van Riebeeck toe, sou dan bewyskrag mis omdat hulle aan die geskifte van seelui ontleen is. Een van my voorbeelde was egter aan die Statebybel van 1688 ontleen, en ons het gesien dat Bredero herhaaldelik *die* gebruik waar teenswoordig *de* verwag word (vgl. ook *De Nieuwe Taalgids* XIII, p. 45 en 95).

Maar ek gaan nog verder en beweer dat *die* as lidwoord in 20ste-eeuse Hollands, in die volkstaal in elk geval, nog gebruik word. En dan wil ek my nie beroep op sulke gevalle in die

gewone beskaafde spreektaal soos *hoe heet d i e Engelse vriend van jou ook weer?*; *je hebt van d i e mense die nooit tevreden zijn*; *d i e malle jongen ook ens.*, waaromtrent miskien twyfel kan bestaan nie, maar verwys ek na 'n reeks voorbeelde in die feuilleton, *Onder de Menschen: Op de V. D. 146* (wat in die aandblad van *De Nieuwe Rotterdamse Courant* van 15. 11 1922 begin het) o.a. *wat daar allemaal toch bestaan kan in d i e wereld*; *dan gooiën we d i e zeilen maar neer*; *toen stond Jan d i e visch uit 't ruim te scheppen*; *je bent al blij als d i e maan weer opkomt*; *als je d i e waarheid maar sien wille*, ens. Ook dat kom as lidwoord voor: *een kijkje te nemen in d a t vis-schermansleven*. Die voorbeelde is haas te duidelik om ruimte te laat vir vergissing, maar ek het my tot die skrywer, die bekende outeur van *Boefje*, M. J. Brusse, self gewend om absolute sekerheid te hê. Die heer Brusse was so vriendelik om my uitvoerig op my vrae te antwoord. Hy skryf o. a. „wat de taalkundige kwestie betref kan ik U met volkomen stelligheid bevestigen dat *die* als lidwoord in de gemeenzame volksspraak nog zeer dikwijls gebruikt wordt... En ook is 't geen speciale gewoonte van de Volendammers en Markers, — ik weet zeker dat *die* als lidwoord ook gezegd wordt in veel gevallen door het Amsterdamsche en Rotterdamsche volk". Dan gee hy verdere voorbeelde van *dat* as lidwoord: *d a t weêr werkt ook niet mee*; *d a t geloof heeft al heel wat ruzie in d i e wereld gebracht*; *d a t maantje is nog 's een troost voor 'n zeeman*, ens. Tensy Prof. Hesseling ook in die gebruik van *die* as lidwoord in die Hollandse volkstaal 'n Maleïïsme wil sien, meen ek dat hierdie „kreolisme" in Afrikaans nie langer kan gehandhaaf word nie.

Om te verklaar waarom in Afrikaans *die* nie deur *de* verdring is nie, is dit miskien moontlik om Maleise invloed aan te neem, maar stellig nie om *die* in die Statebybel en by Bredero te verklaar nie. As vreemde invloed nodig geag word, dan sou ek dié nog liever aan Duits as aan Maleis wil toeskryf (vgl. p. 93).

Invloed van vreemde tale, veral van Portugees en Maleis, op die woordeskat van die 17de-eeuse Hollandse seemanstaal blyk duidelik genoeg, maar verder kan ons nog nie gaan nie.

(c). *Hollandse Dialekte.*

In die 17de eeu was daar in Holland nog geen algemeen-beskaafde taal nie, en al was dié daar, dan sou ons Afrikaanse voorouers nie onder die draers daarvan kon gereken word nie. Wel het in dié eeu die dialek van die provinsie Holland al 'n oorweënde posiesie begin inneem, en aangesien die meerderheid van ons eerste voorouers uit dié provinsie gekom het, kan ons aanneem dat die Hollandse dialek ten grondslag lê aan Afrikaans, met name die Hollands-Frankiese dialek van die streke tussen Amsterdam, Utrecht, Rotterdam, Den Haag (sien *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, I, 1 en *De Nieuwe Taalgids*, XVI, 3). Maar ook ander dialekte was min of meer goed verteenwoordig (sien Boshoff, *Volk en Taal*, p. 13 vlg.) en onskan gerus aanneem dat dialekvermenging 'n nie onbelangrike rol gespeel het in die allereerste jare van ons taalgeskiedenis nie.

Ons kan ons egter alleen maar 'n vage voorstelling vorm van die gevolge van so 'n dialekvermenging. In hoofsaak sal dit wel hierop neergekom het, dat taalverskynsels wat beperk was tot een of twee minder goed verteenwoordigde dialekte vermy en uitgeskakel sou geword het, terwyl elemente wat in meerdere of belangrike dialekte voorgekom het, versterkte lewenskrag en bestaanskanse sou gekry het. Onder sulke elemente val dan in die eerste plaas ooreenkoms in klanke, woorde en vormleer.

So b.v. was daar seker 'n klein klompie sprekers wat gesê het *hoes*, 'n ander klompie wat gesê het *huus*, en 'n groot klomp wat gesê het *huis*. Dieselfde geld van sulke dialektiese wisselvorme as *paard*, *peerd*, *pêrd* (*paerd*); *zeun*, *zoon*; *docht*, *dacht* ens.

Ook op die gebied van die vormleer het ons voorbeelde van sodanige gelykmaking. So kom b.v. naas die algemeen-beskaafde vorme van die werkwoord *hebben* in Hollandse

dialekte voor *ik het*, *ik hae* (*hē*), *hij het*, *hij heit*, *hi haet*, *men hebt*, *hebwi*, *hebsi*, *wi haen*, *si haen*, *hedde* (*vir hebt gij, ge*), *gij het*, *hei je* ens. Dat in Afrikaans *het* die ander vorme verdring *het*, is dus nie eers as ontwikkeling te beskou nie, maar bloot as seleksie of gelykmaking.

In sulke kwessies sal nie alleen die aantal voorstanders van 'n bepaalde vorm die deurslag gegee *het* nie, maar ook die maatskaplike en ander kwalifikasies van die gebruikers van so 'n vorm. Die taal van die offisiere en van dié manskappe wat die Hollandse dialek gepraat *het*, sou allig die meeste kans gehad *het* om nagevolg te word. Ook in die taal speel die mode 'n groot rol!

Al kan ons in hierdie verband alleen maar gissinge en veronderstellinge opper, moet die gevolge van dialekvermenging vir die verder ontwikkeling van Afrikaans nie onderskat word nie. Veral in die eerste jare moet hierdie faktor 'n belangrike werking in die rigting van vereenvoudiging gehad *het* nie alleen nie, maar 'n gevoel van onsekerheid in die lewe geroep *het*, wat later gelykmaking in die hand moes gewerk en bevorder *het*.

(d.) *Duitsers en Franse.*

Dat ek Duitsers en Franse hier tesaam groeper, kom deurdat ek meen dat die belangrikste invloed wat iedere groep apart uitgeoefen *het*, op die end op dieselfde neerkom, nl. versnelling van die ontwikkelingstempo van Nederlands in Suid-Afrika.

Wat betref sintaksis, vormleer en klankleer is dit duidelik dat die Franse, en tot minder hoogte ook die Duitsers, die getal Nederlandslerende „kinders”, waarvan in die eerste hoofstuk sprake was (vgl. p. 13), sterk moes vermeerder *het*. Veral die Franse, omdat hulle taal verder van Hollands afgestaan *het* en hulle dus vermoedelik radikaler gaan gelykmaak *het*, maar ook omdat die koms van die Franse 'n *skielike* groot vermeerdering van die „kinders” beteken *het*, al hoef ons nie aan te neem dat

hulle algar met eens gaan probeer het om Nederlands te praat nie.

Die invloed van die taal van Hugenote en Duitsers op die ontwikkeling van Nederlands in Suid-Afrika was seker veral 'n versterking van die neiging tot vereenvoudiging en gelyk-making wat sig in alle tale openbaar. Sover as ons kan sien is die ontwikkeling nie deur dié invloed in 'n ander rigting gestuur nie, alleen is die tempo daarvan versnel.

Wat betref spesiaal Franse invloed is byna alle ondersoekers dit teenswoordig daaroor eens dat die taal van die Hugenote weinig of geen direkte invloed op Afrikaans uitgeoefen het nie. Van geen dosyn Afrikaanse „skuimwoorde”, soos Guido Gezelle hulle noem, kan direkte ontlening uit Frans waarskynlik gemaak word nie, van hoogstens 'n halfdosyn is dit min of meer aanneemlik gemaak: *bermotersan*-(peer), *sermyn*-(peer), *pawie*-(perske), *pompemoer*, *portfesiedeur*, en selfs hier is ontlening via Hollands nie in alle gevalle uitgesluit nie.

Hierdie skraal oes is wel opvallend. Per slot van rekening het die Hugenote op 'n seker tydstip tog 'n 15 tot 20 % van die blank Afrikaanse bevolking uitgemaak, en was daarby mense van kultuurbetekenis in hulle omgewing, sodat ons meer spore van hulle invloed op die taal sou verwag het.

Die verklaring moet m. i. daarin gesoek word dat die Hollanders nie veel van hulle te leer gehad het nie. Die geestesinhoud van die Europeane in Suid-Afrika was in deursnee dieselfde. Waar dit die Hollander ontbreek het aan name vir oneuropese sake, soos *kierie*, *dagga*, *kwagga*, *kraal*, *asgaai*, *mielies*, *pienang*, *sambal*, *paljas*, daar kon die Fransman of die Duitser hom so goed as nooit te hulp kom nie.

Die Franse was egter afkomstig uit 'n meer suidelike land waar die vrugtekwekery allig 'n groter rol gespeel het in 'n voorbroeikasperiode as in Holland. Daarom is dit begryplik dat van die paar woorde wat wel aan Frans ontleen skyn te wees, die meeste vrugtename is, waarvan die Franse naam òf deur die Franse vrugteboere ingevoer òf deur hulle bestendig is. Prof. Boshoff toon aan dat die meeste van die moontlike

Franse ontleninge ook al in 17de-eeuse Hollands voorkom. In so 'n geval lê dit voor die hand dat dan die Hugenate in Suid-Afrika in hulle Frans-Nederlandse mengeltaal die Franse benaminge behou, selfs wanneer daar ook nog Hollandse woorde voor bestaan, en dat sulke woorde meer kans het om uit Frans-Nederlands in Afrikaans oorgeneem te word, moontlik selfs ten koste van 'n oorspronklik Hollandse woord. So skyn dit asof in die 17de eeu in Holland *pomme d'amour* en *appel-der-liefde* naas mekaar bekend was (Boshoff, *Volk en Taal*, p. 149, 150, waar egter nie sy outoriteit vermeld word nie). Nou is *pompemoer* in Suid-Afrika veral in die buurt van Fransch Hoek gebruiklik, wat in my opienie wel pleit vir ontlening uit Frans, hoewel dit natuurlik nie daardeur bewys word nie. Dieselfde geld van *portfesiedeur*. Ek kan nie beoordeel hoever Hollandse woorde, al is dit dan maar lokaal, deur die Franse verdring is nie, maar meen in hierdie paar gevalle ten minste tog ruimte te moet laat vir die aanname van Franse invloed.

Hierdie prinsiepe van beoordeling sal dikwels moet toegepas word deur Afrikaanse etimoloë waar ons te doen het met ooreenkomstige ontleninge in Hollands én Afrikaans uit Frans, Duits, Portugees of Maleis.

By die beoordeling van direkte ontlening uit Duits word die moeilikheid nog groter. Die ooreenkoms tussen Duits en Hollands is so groot, dat dit moeilik genoeg is om 'n Duitse ontlening in Hollands te konstateer, wat sal sê onderskeid te maak tussen direkte ontleninge uit Duits in Afrikaans en ontleninge uit Duits via Hollands in Afrikaans.

Teenoor die voordele van die Franse gelyktydige aankoms en radikaler inwerking, staan dat die persentasie Duitse immigrante byna tweemaal so groot was as die Franse en hulle inwerking vir die hele periode van 1652 af tot na 1800 geld. Laat die Franse 'n meer saamhorige groep gewees het, reeds in 1662 was onder die Kaapse vryburgers 25 % Duitsers. Om dié rede meen ek dat die direkte Duitse invloed op die taal

groter moes gewees het as wat gewoonlik aangeneem word, hoewel dit onmoontlik sal bly om die omvang daarvan taalkundig te bepaal.

By die beoordeling van sulke woorde as *aandag*, *aapskilloeder*, *bolmakiesie*, *dan en wan*, *jaarhonderd*, *kamaste*, *laer*, *niksnuts*, *peits* (*piets*), *rappelkops*, *skalt en walt*, *stols*, *swernoot*, *swynhond*, *by my siks*, *ter (de) duiwel*, *verflaks*, *verfoes*, *werda*, *werskaf* en nog 'n paar, moet, ook waar ontlening via Hollands moontlik is, die prinsiepe toegepas word waarvan hierbo sprake was.

Ek het daar reeds op gewys dat in Duits *die* die vorm is van die lidwoord vir die 1ste en 4de naamval, vroulik enkelvoud en 1ste naamval, manlik, vroulik en onsydig meervoud, d. w. s. die mees voorkomende vorm van die lidwoord in Duits, en dat hierdeur die behoud van *die* as lidwoord in Afrikaans kan bevorder wees. Die gebruik van *kop* vir *hoofd* was vermoedelik in die 17de eeu in Holland ook nie beskaaf nie. Dat dit in Afrikaans veel van sy onbeskaafdheid verloor het, *kan* toeskryf word aan die meer algemene gebruik van *Kopf* in Duits. In Hollands word gewoonlik gesê *met pak* en *zak*, in Afrikaans gewoonlik *met sak* en *pak*, ooreenstemmend met Duits *mit Sack und Pack*. In Afrikaans en Duits is *stewel*, *Stiefel*, algemeen gebruiklik, in Hollands is *stevel* 'n dialekwoord, of word dit gewoonlik in 'n spesiale betekenis gebruik. Die gebruik in Afrikaans van *skuld* as werkwoord is vermoedelik 'n Germanisme. Vergelyk verder Afr. *duskant*, *anderkant*, Du. *diesseits*, *jenseits*, Afr. *draai* (Holl. *zeuren*) Du. *sich drehen*, Afr. *gewoont*, Du. *gewohnt*, Afr. *met 'n mes saam*, Du. *mit samt einem Messer* ens. ens.

Onder die Kompanjiesoldate was baie Duitsers, soos uit die monsterrolle kan blyk. Die ontlening van sulke woorde as *aapskilloeder*, *swernoot* ens. kan miskien aan die Duitse soldatetaal te danke wees. Sekerder word sodanige ontlening by *laer* en *werda*. Dit laat my vermoed dat *kamaste* ook direk aan

Duits sal ontleen wees. Hierby kom miskien nog die vokaal in *koeël*, wat uit 'n Hollandse dialektiese vorm *koegel* kan verklaar word, maar ook sy ontstaan of sy behoud in Afrikaans kan te danke hê aan *Kugel* uit die Duitse soldatetaal.

Oral dus min of meer sterk vermoedens, nêrens sekerheid nie. Maar al die vermoedens saam, gepaard met wat ons op historiese gronde mag verwag, maak die waarskynlikheid van direkte ontlening aan Duits in baie van hierdie gevalle taamlik groot.

Die slotkonklusie is dus ook weer hier: spore van direkte invloed van Frans en Duits op Afrikaans bestaan alleen uit 'n beperkte aantal min of meer twyfelagtige ontleninge van woorde of uitdrukkinge, terwyl ons noodwendigerwys moet aanneem dat omstreeks 1700 die helfte van die blank Kaapse bevolking bestaan het uit krompraters van Franse en Duitse oorsprong.

(e). *Hottentotte en Slawe.*

In die voorgaande hoofstukke is daar al soveel besonderhede in verband met die Hottentotte en slawe meegedeel dat ons hier baie kort kan wees.

Ons het gesien dat die Hottentotte van die begin van die stigting af die taal van die blanke aangeleer het en dit met groot sukses, soos blyk uit die getuienisse van verskillende beoordelaars. Die naaste Hottentotte aan die Kaap was nie veel meer as 'n klomp bedelaars nie, maar tog was die mans te lui om vaste werk te verrig. Hulle kinders, veral jong meide, het egter wel in diens gegaan by die blanke. Eva en Sara was hiervan vroeë voorbeelde (vgl. p. 51 vlg.). Verder afwonende Hottentotstamme het blykbaar minder beswaar gehad teen werk. Buiten die Kaapse skiereiland was die bediendes oor die algemeen Hottentotte, wellig omdat die werksaamhede daar

gewoonlik in verband gestaan het met die veeboerdery, waarvoor die Hottentot meer aanleg gehad het as vir die saaiboerdery. Tog lees ons b. v. in die *Dagboek* van Adam Tas dat Hottentotte ook in Stellenbosch in die oestyd in kloppe van een plaas na die ander getrek het, net soos teenswoordig nog skeervolk in die Vrystaat. Aanraking op taalgebied sal egter natuurlik in hoofsaak deur middel van die Hottentotse huismeide plaasgevind het. Meestal het dié aanraking dan tot gevolg gehad dat die meid Nederlands geleer het, in die begin natuurlik baie krom, maar hoe langer hoe suiwerder. In die eerste geslag sal egter geen besonder hoë graad van suiwerheid bereik gewees het nie. Maar die kinders van sulke Hottentotte in diens van blankes het deur aanraking met blank kinders van jongs af Hollands geleer, en dit met 'n graad van suiwerheid wat baie geleerdes sou verbaas. Al hierdie feite behoeft vir iemand wat bekend is met Afrikaanse toestande geen verder betoog nie. Dat dit in die 17de eeu al die geval was, daarvoor het ons die getuienis van van Rheede (vgl. p. 18). Dié getuienis is in volkome ooreenstemming met wat ons, te oordele na teenswoordige omstandighede, sou verwag het. Alleen moet daarby verder in die gedagte gehou word, dat die Nederlands van die Hottentotte, wat mettertyd hulle eie taal heeltemal verloor het in al dié streke waar hulle in nouer aanraking gekom het met blanke, hoe langer hoe suiwerder geword het, sodat op den duur die onderskeid tussen die Nederlands van die blanke en dié van die Hottentotte nie meer so heel groot was nie, en in die beste gevalle behalwe in intonasie veral verskil sal hê ten opsigte van ruimheid van woordekeus.

Al het die kultuur van die eerte koloniste nie groot eise gestel aan hulle woordeskat nie, ten opsigte van dié van die Hottentotte sal die verskil tog nog aanmerklik gewees het! Waar die draers van twee verskillende tale met mekaar in aanraking kom, en die verhouding in ander opsigte min of meer gelyk is, daar is, ten opsigte van die taalverhoudinge, die kulturele verskil tussen die twee volke 'n feit van essensiële betekenis. Dit spyt my dat hierdie uitspraak byna lynreg teenoor

die mening van so 'n outoriteit as Schuchardt staan, waar hy sê „dass der kulturelle Unterschied zwischen dem niedriger und dem höher stehenden Volke, dessen Sprache jenes erlernt, bei der Entwicklung der kreolischen Idiome überhaupt keine so wichtige Rolle spielt, wie man gemeint hat“ (aangehaal by Hesseling: *Negerhollands der Deense Antillen*, p. 54). Ek kan alleen konstateer dat Schuchardt se uitkomst nie klop met wat vandag nog in Suid-Afrika kan waargeneem word nie, tensy hy met *ontwikkeling* bedoel *aard van ontwikkeling*, en dan weet ek nog nie of sy uitspraak waar is nie (vgl. ook Jespersen, *Language*, p. 207).

Ook in verband met die slawe moet dieselfde nadruk gelê word op hierdie kulturele verskil. Ons het gesien dat die oorgrote meerderheid van die slawe negers van Afrika en Madagaskar was. Ek wonder of ek oordryf as ek sê dat 75 % van die slawe negers was. Dat die Maleis-Portugeese element so 'n groot rol onder die slawe gespeel het — ek neem ook aan dat dié rol groot was, hoewel nie in dieselfde mate as Prof. Hesseling nie — kan ek alleen verklaar deur ook weer hier aan die kulturele faktor 'n groot betekenis toe te ken. Dat ons in die geskiedenis so dikwels lees van Maleis- of Portugees-sprekende slawe, vind vir 'n groot gedeelte ongetwyfeld sy verklaring hierin dat die Oosterse slawe by voorkeur as huisbediendes gebruik is — ook al om rede van hulle hoër intellektuele peil — en daardeur meer op die voorgrond getree het, maar ook omdat hierdie Oosterse slawe deur hulle kulturele oorwig die ander, veel groter, element oorheers het. Uit die feit dat die huisbediendes meestal uit hierdie mense gekies is, volg dan ook dat in die aanraking met blanke aan die taal van hierdie minderheid 'n groter invloed moet toegeken word as ons op grond van hulle getalle sou verwag het. 'n Ander verklaring van die feit dat reisigers so dikwels melding maak van slawe wat Maleis of Portugees praat, moet by die reisigers self gesoek word. In die 17de en 18de eeue het die meeste reisigers

in die Ooste seker genoeg krom-Portugees geken om dié taal te herken as hulle dit hoor. En dan vind so 'n herkenning allig vermelding. Maar gesteld dat 'n geradbraakte slaaf iets uitgeroep het in Malgassies, waarvan die omstanders niks verstaan het nie, of Sparrman 'n klompie Mosambiekers Bantoe hoor praat het, wat vir hom miskien net so goed Turks kon gewees het, sou hy dan ook die feit vermeld het dat so 'n slaaf 'n onbekende taal gepraat het?

Soos by die bespreking van die invloed van Franse en Duitsers, kan ook hier aangeneem word dat die belangrikste invloed deur Hottentotte en ingevoerde slawe uitgeoefen, in dieselfde rigting gewerk het. Seker sal daar onderling verskil gewees het tussen die krom-Nederlands van die Hottentot en dié van die Madagaskarse slaaf of van die Maleier, maar die resultate wat die inwerking van hierdie verskillende soorte krom-Nederlands op die ontwikkeling van Afrikaans gehad het, kan vandag moeilik of heeltemal nie van mekaar onderskei word nie. Dit het al geblyk in die behandeling van die spore van vreemde invloed wat ek in Afrikaans meen te sien. Dit is te hope dat ons dit verder bring in hierdie onderskeiding deur die ondersoek van hedendaagse rasdialekte, soos Maleis-Afrikaans en Hottentots-Afrikaans. Maar dit kan met sekerheid gekonstateer word dat vasstaande gevolgtrekkings so goed as nooit sal kan gemaak word nie, om die eenvoudige rede dat Hottentotte en ingevoerde slawe al gou ondermekaar getrou het, en in 'n paar geslagte 'n mengelas ontstaan het, waarvan die taal in 'n seker stadium 'n mengeling van Hollands, Hottentots en een of ander slawetaal, sê Maleis-Portugees, moes gewees het. Van die end van die 18de eeu af, nadat die aanvoer van nuwe slawe verbied was, het dié taal hoe langer hoe nader aan Nederlands gekom, sodat mens vandag soms in die mond van 'n Bolandse Hottentot 'n Afrikaans hoor, wat nie meer Kreools kan genoem word nie. Maar in die 17de eeu was dit seker nog baie anders, soos Van Rhee de ook sê, en ons weet dat reeds in sy tyd onder invloed van Hottentots-Afrikaans 'n „gebroken spraek" gevestig is.

SUID-AFRIKAANSE TOESTANDE.

By die bespreking van die verskillende teorieë wat geopper is om die ontstaan van Afrikaans te verklaar, het enige feite uit die Suid-Afrikaanse volksgeskiedenis al vermelding gevind. Ek wil hier nog 'n baie beknopte oorsig daarvan gee, veral in so ver as dit betrekking het op ekonomiese en sosiale toestande. Behalwe waar anders vermeld, volg ek Theal: *History of South Africa*, 1897.

Die geskiedenis van Hollands Suid-Afrika begin met die landing van Jan van Riebeeck in 1652. Na die vertrek van die skeepsvolk, wat hom gehelp het om die fort De Goede Hoop te bou, het hy 116 helpers onder hom gehad. Die eerste vyf jaar van die stigting was die doel van die werksaamhede aan die Kaap om vee van die inboorlinge te ruil en groente te kweek vir die bemanninge van die uit- en tuisvarende skepe, wat altyd groot behoefte aan sulke verversinge gehad het. In 1657 kom daar verandering in die politiek: Here Sewentien besluit om die kolonie te „stabileren” en sogenaamde vryburgers toe te laat om hulle op die land te vestig as landbouers en veeboere. Gedurende van Riebeeck se tyd word 'n klein 200 vrybriewe uitgereik, waarvan later egter baie teruggegee of teruggetrek is: elke matroos slaag daar maar nie in om boer te word nie! Tog het hierdie kern van 'n vaste, blywende bevolking, teenoor die vlottende garnisoensbesetting, langsaam maar seker uitgebrei.

Die man wat aan hierdie politiek die grootste uitbreiding gegee het, was Simon van der Stel. Toe hy in 1679 aan die Kaap kom, was daar 87 vryburgers met 55 vrouens, 117 kinders en 191 slawe. Behalwe die nedersettinge in die omgewing van Tafelberg, was daar drie buiteposte: by Saldanhabaai, by Tierberg en in Hottentots-Holland. Buitekant die Kaapse skiereiland was daar sewe veeboere en wel in Hottentots-Holland. In die regering van van der Stel volg dan die nedersettinge

in die buurte van Stellenbosch, die Pêrel, Drakenstein en Fransch Hoek, waartoe die aankoms van die Hugenote baie bygedra het. Maar voor hulle koms (1688—1690) was die getal van die koloniste al flink vermeerder: 254 burgers, 88 vrouens, 231 kinders, 39 Europese knegte, tesame 612 blanke, wat in hulle diens gehad het 310 slawe. Die 254 burgers het tesame 'n 3000 beeste en 'n 30,000 skape gehad, terwyl die getal wynstokke in die grond 'n 400,000 bedra het.

Reeds voor die aankoms van die Franse dus, was daar al 'n welvarende boerebevolking aan die Kaap. Die getal Franse Hugenote, groot en klein, het 176 siele bedra. Om te voorkom dat die Franse element te sterk word aan die Kaap het van der Stel en Here Sewentien hulle bes gedoen om soveel Hollandse koloniste as moontlik te beweeg om na Suid-Afrika te gaan, veral vrouens, waaraan groot behoefte bestaan het. Theal sê: „While making such efforts to procure Huguenot emigrants, however, the directors had no intention of making the Cape a French colony. Owing to the competition arising from the influx of such numbers of refugees, it was now less difficult than it had hitherto been to obtain emigrants of Dutch blood, *of whom more families than of French origin were being sent out at the same time*, so that these, together with the settlers already in South-Africa, would absorb the foreign element without undergoing any change. At no time did the French exceed in number one-sixth of the colonists, or one-eighth of the whole European population, the Company's servants included" (1, p. 328). In 1691 was die getal koloniste, manne, vrouens en kinders, ongeveer 'n duisend.

In 1700 vind daar nuwe gebiedsuitbreiding plaas en wel deur die vestiging van koloniste in die land van Waveren, die teenswoordige Tulbagh, en rondom Riebeeks-Kasteel, terwyl 'n buitepos van die Kompanjie op Groenekloof gevestig is. Ons sien dus dat binne vyftig jaar na die stigting die kolonie 'n uitgestrektheid van 'n 10,000 tot 15,000 vierkante myl beslaan het, met daarop 'n totaal van miskien 'n 1500 blank inwoners. Natuurlik was die bevolking die digste in die buurt van Kaap-

stad en Stellenbosch, maar selfs daar moes dit baie skraal gewees het.

In die verskillende inlandse reisverhale is duidelik te sien hoe sleg die kommunikasie-middele was. Vir die meeste weë was die naam „wapad” nog ’n eufemisme. Ons vind dan ook telkens melding van „renosterpaden” en „olifantspaden”! Die weg van Kaapstad na Stellenbosch oor die Kaapse sandvlaktes was al ’n beproewing. Dié van Stellenbosch na Drakenstein was ’n skrik, waarvan volgens Valentijn die naam Bangehoek getuig (Boek X, pp. 31, 35). En die nakomeling kan vandag moeilik begryp hoe ’n ossewa oor die ou Hottentots-Holland-kloof kon gebring word. Ons lees dan ook dikwels genoeg by die ou reisigers dat hulle dié waens uit mekaar moes haal om die stukke oor ’n rivier of ’n krans te dra, en dan aan die anderkant weer aanmekaar moes sit. Die Europese geleerde het dikwels maar ’n flou begrip van wat die woord „isolasie” kan beteken, as hy dit as taalfaktor noem!

Die Afrikaanse reisigers bring een en almal hulde aan die gasvryheid van die Kaapse Boere. Dié gasvryheid vind vir die grootste deel sy verklaring in die feit dat die Boer uit ondervinding weet wat dit beteken om te reis, of, om die juiste Afrikaanse uitdrukking te gebruik, om te trek. Daarby kom dat in baie gevalle die Boer bly is om weer ’n slag ’n vreemde gesig te sien, en die nuus van na die laaste Nagmaal te hoor.

Gedurende die 18de eeu gaan die uitbreiding sy gang. In 1710 word die streke van die teenswoordige Caledon in besit geneem, in 1745 word die distrik van Swellendam afgebaken, in 1785 dié van Graaff-Reinet, terwyl die distrik van Stellenbosch toe nog geloop het tot aan die mond van die Buffelsrivier, tesame ’n oppervlakte van by die 100.000 vierkante myl. In 1791 het die bevolking bestaan uit ’n 14.000 tot 15.000 blanke en ’n 17.000 slawe. In hierdie eeu het daar veral baie

Duitse immigrante in Suid-Afrika gekom — meer as Hollandse. Dr. Colenbrander gee van 1718 tot 1807 aan 552 Hollandse en 812 Duitse (*De Afkomst der Boeren*, p. 113). Onder hierdie getalle was daar 223 Hollandse en maar 86 Duitse vrouens.

Die geraamtevoorstelling wat hierdie syfers en jaartalle gee, sou eers vorm aanneem as daaraan 'n uitvoerige beskrywing van die sosiale toestande toegevoeg word. *Die taal groei en vergroei met die siel van 'n volk, en om die taalgroei te verstaan is dit nodig om die geesteslewe van die sprekers te ken.* Maar hoe sal ons agter die geesteslewe van ons 17de- en 18de-eeuse voorouers in Suid-Afrika kom? Die historiese dokumente van die volksgeskiedenis versprei oor sulke kwessies gewoonlik maar weinig lig, en waar, soos in Suid-Afrika die geval was, dié dokumente in die reël opgestel is deur Hollandse beamptes in Kaapstad, meestal sleg bekend of onbekend met die siel van die wyn-, koring- en veeboer, wat tog maar die Afrikaanse volkskarakter bepaal het, daar voel ons sterk die behoefte aan ander bronne van inligting. Maar 'n Afrikaanse literatuur begin eers teen die end van die vorige eeu langsam te ontwikkel. Die reisverhale uit die 17de en 18de eeue is so goed as geen een deur 'n Afrikaner opgestel nie, en op een uitsondering na geen een in Afrikaans nie. En dié uitsondering is alleen só Afrikaans omdat die skrywer hom nie meer Hollands kon kry nie. Ek bedoel die reisverhaal van Wikar. Dit is die allergrootste moeilikheid wat die Afrikaanse taalhistorikus op sy weg vind. Al was daar 'n oorsigtelike geskiedenis van die skoolwese in Suid-Afrika van van Riebeeck se tyd af, al het ons 'n Afrikaanse kerkgeskiedenis, al ken ons die ontwikkeling van politieke en regs-liggame in Suid-Afrika, dan weet ons nog nie hoe die taal geklink het wat van Riebeeck met sy raadslede of met sy slawe gepraat het nie, dan weet ons nog nie veel van die godsdienstige gevoelens van Kapenaars en plattelandsmense nie, dan weet ons b.v. nog nie watter invloed die Franse en Engelse soldate in die 18de eeu op die samelewing in Kaap-

stad gehad het nie. Om sulke kultuurinvloede te skat, het ons behoefte aan die uitbeelding van die volkslewe deur taal-kunstenaars. Dit ontbreek ons egter aan 'n *Spaansche Brabander*, aan 'n *Trijntje Cornelis*, aan 'n *Warenar*, aan 'n *Afrikaanse Spectator*, aan 'n *Sara Burgerhart*, om nie te praat van 'n Jan Steen en 'n Frans Hals nie. Maar laat ons ploeg met die osse wat ons het.

Die uitvoerige *Dagverhaal* van van Riebeeck gee af en toe interessante kykies op die toestande en gewoontes van die eerste tyd. Vir 'n samehangende beskrywing is dié aanwysinge egter te onvolledig. Miskien sou dit moontlik wees om met behulp van ander stukke uit dié tyd 'n beter oorsig te verskaf. Ek moet my bepaal by 'n paar los uittreksels uit die *Dagverhaal*.

'n Betekenisvolle aanduiding van die intellektuele peil waarop sy medewerkers gestaan het, verskaf die feit dat ses van die twaalf „raedtspersoonen” van die Kommandeur hulle naam met 'n kruisie teken! (1, 242). As daar later rede is om te kla, kom die „vrije burgersraden” aan die Kommandeur 'n „request” oorhandig, wat aan parmantigheid minder te wense oorlaat as aan styl, hoewel hulle dit duidelik genoeg maak wat hulle wil hê, — en daar het dit maar op aangekom! Hulle gee met „behoorlijcke reverentie” te kenne, o. a. „Als datter geseyt is doen d'Heer Rijckloff van Goens hier aen de Caep was, van het beste sauden hebben om mede te arrebeyden in haer lantbauw, soo hebben wij van 't slimste, want d'eene die heeft ossen soo groot gelijk blijckers dogge ende den anderen aude krenge van koeyen om haer daerin t'erneeren, ende haer te helpen, dewelcke onmoglijk is; doch darom niet-temin, soo moeten wij ons belijden tot ter tyt toe dat wij ander krijgen”. Voordat hulle gaan begin koring en gars dors „soo is 't dat wij borgerraden ende wij vrijborgers . . . met malcanderen weten mochten, wat wij daervoor hebben mochten” en as hulle hul prys nie kan kry nie „soo sijnnen wij van sin niet een voet landt meer om te bouwen”, en die vasgestelde prys

wil hulle swart op wit hê „wandt wij gheen woorden meer glooven, want wij worden gepayt aen alle canten met schoone woorden ende geen daet” ens. Van die 14 ondertekenaars skryf 7 hulle naam met ’n kruisie. Die opstellers is ’n Keulenaar, Herman Remajenne en ’n Hollander met die klinkende naam: Johannes Rietveldt van Bredenrode. Die Kommandeur antwoord met ’n netjiese toespraak, waarin ook die puntjies op die i’s gesit word: as hulle meen om die Kompanjie te dwing, dan sal hulle ontdek dat dit beteken „met ’t hoeft tegen de muyr” loop; as hulle vir hulself nie wil werk nie, dan sal hulle „voor d’ E. Compagnie an den ploegh geset worden etc.” Ten slote kry hulle die goeie raad — wat Suid-Afrika as lyfspreuk kon kies — „Laet maer de ploegh wacker zijn gangh gaen ende de dorsvloer niet vercouwen” — wat hulle ook besluit om te doen. (II, p. 595).

As maar die helfte van die vryburgers hulle naam kon teken, onder die 14 man wat in 1660 ’n binnelandse ekspediesie maak, was daar darem ook ’n Jan Danckert, adelbors, „een goet ingenieur ende geometricus wesende”, ’n adelbors Dorhagen wat „de latijnse tale can”, ’n Wreede, adelbors, wat later studie sal maak van Hottentots en ’n Hottentots-Hollandse woordelys sal opstel waarvan die Hottentotse deel in Griekse letters gestel is, ’n Pieter Meerhoff, onderbarbier, van wie ons ’n briefie besit in vreemdelinge-Nederlands: „Aen mein Edelen Heer Jan van Riebeeck. Wie laten U edelheyt weten dat wie sein Gott loff omtrent de 6 meil van ’t fort aff, wie UE. weten dat ons ossen beginnen heur wat te skichen (schikken?), anders niet, dan wie bevelen sein Edelheyt met sein Eedeles Eedeles frou ende kiender onder den Alderhoogsten bescherminge, den 31 January 1661”. Meester Pieter se taal word daardeur verklaar dat hy eers in 1659 uit „Coppenhaven” aan die Kaap gekom het en nog nie sy moedertaal verruil het vir Hollands nie. Meester Pieter het ook nog „jagerslatyn” geken, soos blyk uit sy verhaal dat hy „een levendigh monster vernomen had met 3 hoofden, gelijcq drie kattenhoofden en hadt drie lange staerten”. Dit is opvallend dat onder die 14 „fraye rappe

couragieuse mannen" wat onder Danckert op die landreis gaan, maar 'n stuk of drie Hollanders is; die meeste is Duitsers. Oor die algemeen was die Hollanders egter in die meerderheid, hoewel die getal helpers van ander nasionaliteite so groot was, dat dit begryplik is waarom van Riebeek daar prys op stel om te vermeld dat sy swaer, Pieter van der Stael, wat slaweskooldmeester word, „recht Hollants Nederduyts" geken het. Dit is duidelik dat iedereen aan die Kaap hom daar nie op kon beroem nie!

Nie alleen het dit baie van sy mense ontbreek aan kennis van goeie Hollands nie, maar ook aan goeie maniere, tot ergeris van die Kommandeur, sodat hy soms moes optree as strenge kerkseermeester. „Ende alsoo sommige soo godloos leeven, dat se gelijck als verckens aen de bacq gaen eeten ende wederom opstaen sonder eens den Heere voor off nae te bidden off te dancken, soo is den geweldiger oock gelast daerop wat nauw te letten, ende telckens als de cocq schafft, de rondon te doen omme den naelatigen van dat nodigh christelijcke ghebruyck attraperende, te slaen in de boete van $\frac{1}{4}$ real voor de eerste reys ende 2en male $\frac{1}{2}$, mitsgaders ten derde male 4 dubbelt benefens arbitrale correctie, alles breeder bij resolutie (heden daerover specialijk genomen) geënarreert".

Ons kry ook 'n kyk op die pedagogiese opvattinge van die Kommandeur en Meester Pieter van der Stael, waar van Riebeek vertel hoe, „omme de gemelte slaven te beter tot het school ende hooren off leeren van de christelijcke gebeden te animeren, is mede belast na 't eyndigen elcq een croessjen brandewijn ende 2 duym tabacq te geven etc., . . . , alles in 't bijwesen van den Commandeur".

Tog was daar aan die Kaap ook verteenwoordigers van die 17de-eeuse Hollandse deftigheid, o.a. Roelof de Man, „een dick swaerlijvigh jongh man", in 1663 as Tweede Persoon aan die Kaap oorlede. Die inventaris van sy nagelate goedere is interessant. Daar kom o.a. in voor: „1 swart mantel met fulp gevoert, 1 sargie kleet met silvere kant geboort, 2 syde witte cousebanden met goude cant, 1 paer groene syde napelse

cousen, 1 roode scharlake rock met goude en silvere cant geboort, 20 slaepmutsen 9 dassiens daer onder 1 met gout deurwroght, 16 neusdoecken, 22 beffen, 1 paer silvere broecknoopen" ens. Onder sy boeke kom voor: „1 Bybel met goude cant geborduert, 1 cleyn testamentje, 1 bouck genaemt Jan Huygen van Linschoten, de hollantse papegaey, de batavische arcadie, de persiaense rosegaert" en verder wetboeke en 'n paar stigtelike werke. Die boeke word „by openbare venditie" verkoop vir gemiddeld 6 gulden vir 4 boeke (Rijksarchief, fol. 3975, p. 752).

Ek wou dat ek in staat was om vir later jare ook sulke besonderhede te gee, ontleen aan offisiële stukke. Maar wat ons oor later jare weet, moet in hoofsaak geput word uit beskrywinge van reisigers wat dikwels net 'n paar weke of maande aan die Kaap was, en waarvan die onbetroubaarheid partymaal met 'n stok in die donker kan gevoel word. Toevallighede word beskrywe as algemene waarhede, opvallende eienaardighede as tiepiese verskynsels. Daarom is dit vir iemand wat self nie goed op hoogte is met Afrikaanse toestande nie, gevaarlik om aanhalinge uit sulke reisverhale te gee.

Die bekende Kolbe het jarelank in Suid-Afrika gewoon, maar as alles uit sy boek geskrap moet word wat later teen-gesprek is, dan bly daar skaars die helfte van oor. Wat Theal van hom sê, is ook van baie later skrywers oor Suid-Afrika waar: „Facts are frequently distorted, and imagination is allowed to take the place of investigation" (11, p. 369). Tog vorm Kolbe se werk die basis van byna alles wat gedurende die volgende 50 jaar oor Suid-Afrika gekryf is, voeg Theal daaraan toe.

Hoewel ook bekend met die werk van Kolbe, gee Mentzel oor die algemeen sy eie waarneminge, maar waar hy oor binne-landse toestande praat, is hy blykbaar ook dikwels aan 't fantaseer, of aan 't oorvertel van wat hy van ander gehoor het. Sou dit waar wees dat „nur selten bei einem oder dem anderen

Landwirth am Sonntag ein Predigt- oder anderes geistliches Buch in die Hand genommen wird, und bei denen allerwenigsten man nur zuweilen eine Bibel findet?" (11, p. 7). Sekere berge het die naam van Koebergen „bloss darum erhalten, damit man sie von anderen Bergen unterscheiden und wenn es nöthig ist, benennen kann" (11, p. 35)! By die boere op die platteland word daar geen onderskeid gemaak tussen Sondag en weekdag nie. Tog skyn hulle nog voor en na die ete 'n gebed „herzuplappern" (11, p. 182). Hy voorspel dan ook: „Solte aber nach vielen Jahren das Land überall von lauter eingeborenen (Afrikanern) bebauet und bevölkert seyn . . . so stünde zu befürchten, dass die afrikanische Nation nach und nach ganz aus der Art schlagen und verwildern möchte" (11, p. 185). Dit is juis uit hierdie deel van die Afrikaanse volk wat 'n vyftig jaar later die Voortrekkers gekom het!

Die Afrikaanse boerevrouens kom daar goed van af. Hulle oortref dan ook, volgens Mentzel, die mans aan natuurlike verstand, en word deur sommige Europeërs selfs hoër geskat as die stadsvrouens. Hulle is deurgaans arbeidsaam, goeie „Wirthinnen" en die beste moeders. Hulle kindertjies „werden sehr selten auf den Armen getragen. Von dem Schooss und von der Brust werden sie auf die Erde gesetzt. Da bekommen sie etwas womit sie spielen können. Da krabbeln sie auf allen Vieren herum, bis sie sich selbst erheben und gemeiniglich noch unter einem Jahre laufen können, ohne jemals an einem Leitband geführt zu werden. Ich erinnere mich aber nicht, einen lahmen, bucklichten oder sonst gebrechlichen Menschen daselbst gesehen zu haben". As hy hier bygevoeg het dat van die nood dikwels 'n deug gemaak word, dan was sy opmerking kompleet.

Minder bystemming sal hy vind waar hy opmerk: „Ich habe keinen afrikanischen Bauer angetroffen, dem die Jahrzeichen eines Pferdes an den Zähnen bekannt gewesen wären; und sie staunten mich an, wenn ich ihnen sagte, wie alt ihr Pferd sey"! (11, p. 346). Net so min sal dit waar wees wat hy vertel, dat die Afrikaanse jagters op 400 a 500 tree 'n hoendereier van 'n paal skiet (11, p. 360).

Tog kom daar baie waardevolle gegewens by Mentzel voor. In die eerste plek val dit op dat hy telkens onderskeid maak tussen Afrikaners en Europeërs. Die Hollanders, Duitsers, Franse van van Riebeeck en van der Stel se tyd het intussen saamgesmelt tot Afrikaners, ten minste op die platteland. Minstens so vroeg as 1735, sê Theal, is die benaming *Afrikaners* in algemene gebruik (11, p. 326). *Juis hierdie bloedmenging het daar baie toe bygedra om die Afrikaners te speen van hulle Europese vaderlande.*

Hierby kom nog die toestande waaronder hulle in die buiteland geleef het. Daar was geen enkele poskantoor in die land nie, en die enigste manier om 'n brief van Swellendam of Graaff-Reinet na Europa te stuur, was om dit aan een of ander reisiger toe te vertrou, en dan maar te hoop dat 'n welwillende skeepskaptein dit verder sal wil meeneem. Op dié manier was die mense buitekant die Kaapse skiereiland feitlik afgesny van alle gemeenskap met die buiteland, en hulle kinders, onbekend met hulle oorsese bloedverwante, het hulle maar min bekommer oor die geboorteland van hulle voorouers. Hierby kom dat baie van die mense, al was daar geleentheid om te korrespondeer, geen brief kon skrywe nie. So het dit gekom dat al hulle belangstelling en geneentheid gevestig was op Suid-Afrika alleen. Al het hulle miskien nog geen vurige vaderlandsliefde besit nie, warm toewyding aan hulle land het hulle wel gevoel (t.a.p.).

Mentzel was verwonder oor die onwetendheid van die Afrikaanse boere omtrent Europa, en hulle geringe belangstelling in Europese sake. Hulle gesels liever oor 'n paar goeie voor- of agterosse, as om te luister na verhale oor die Spaanse Eskuriaal of die Franse Versailles. „Lustig ist es anzuhören, mit was für einer gelehrten Mine diese Leute unter sich von denen Wirtschafts-Angelegenheiten, von der Viehzucht, Ackerbau oder der Jagd sprechen, von welchen ein jeder ein Meister der Kunst seyn will. Sobald sich aber die Unterredung im Beiseyn eines Europäers auf etwas anderes lenket, so hat auch ihre ganze Gelehrsamkeit ein Ende. Spricht man von Europa und

dessen Vorzügen, die es über die afrikanischen Länder hat; so sind sie bald geneigt zu fragen: warum man bei so vorzüglicher Verhältnis nicht selbst allda verblieben sey". Die Afrikaanse boer en die Europese reisiger het klaarblyklik die laaste honderdvyfzig jaar nie veel verander nie, want wat Mentzel hier beskryf, kan vandag nog net so beleef word. Alleen is die laasgenoemde vandag allig minder naief-eerlik!

Net so verwonder as Mentzel was oor die Boere se onwetendheid in sake Europese aangeleenthede, so verstom was hulle oor sy onkunde omtrent Afrikaanse sake. As jy hulle begin uitvra, meen hulle dat jy hulle vergek hou, en speld jou van alles op die mou. Alleen iemand wat lank daar gewoon het, en die verskillende getuienisse met mekaar kan vergelyk, soos Mentzel, mag hoop om die waarheid te benader (1, p. XIII). Die boerseuns in die afgeleë distrikte is sonder enige ontwikkeling. 'n Europese grootknecht het meer ontwikkeling en praat baie verstandiger as sulke „menschliche Kälber" (11, p. 182).

Ons sien dus dat op die platteland van kultuurinvloede weinig sprake kan wees. In die binneland, verder as Stellenbosch en Drakenstein, was daar geen skool nie. Daar was geen poskantoor in die hele land nie. 'n Paar waspore het 'n pad geheet, en selfs sulke paaie was skaars. As ons Mentzel moes glo, was daar ook haas geen openbare godsdiensoefening op die land nie. In die hele Kolonie was daar die eerste honderd jaar vyf kerke: in Kaapstad, op Stellenbosch, Drakenstein, Roodezand (Tulbagh) en Zwartland (Malmesbury); die laaste twee plekke het in 1743 en 1745 'n predikant gekry. In 1792 kry Graaff-Reinet 'n predikant en Swellendam eers in 1798.

Ek twyfel egter of Mentzel goed ingelig was oor die openbare godsdiensoefening op die land. Theal sê, die Bybel was die enigste boek wat die Boer gelees het, „but every day he spelt out one of its chapters, and he knew the meaning of its sentences so well that when he addressed his God in prayer he

used them always. The language of the Bible, if not more expressive than that which he employed in addressing his family and his servants, was regarded by him as more dignified, and consequently more worthy of being used in divine worship". Hierdie voorstelling is seker meer in ooreenstemming met wat ons vandag van die godsdienstige lewe en gewoontes van die Boer op die land weet.

Dit lê voor die hand dat die omstandighede in Kaapstad anders was. Hier het die regeringsmense gewoon, manne met 'n sekere mate van Europese ontwikkeling, en die sakemense wat hulle brood moes verdien met skerpsinnigheid. Kaapstad het in direkte verbinding gestaan met die moederland, en was tot op sekere hoogte toeganklik vir Europese en Oosterse kultuurinvloede. Die offisiële kompanjiesdienaars was meestal Europeërs, en wel in die hoëre kringe natuurlik gewoonlik Hollanders, wat vasgehou het aan die Hollandse traditiesies van taal, godsdiens en sede.

Van die eerste jare af was daar in Kaapstad 'n skool, hoewel die meesters, volgens Mentzel, dikwels genoeg „keine zunftmässigen Meister" was nie. In 1714 word in Kaapstad selfs 'n soort hoër skool opgerig, waaraan onderwys ook in Latyn gegee is. Die Rektor was Meester Lambertus Slicher van Middelburg. Gebrek aan ondersteuning het egter gemaak dat die nuwe onderneming al gou weer moes opgegee word. Toe het ryker ouers maar weer, soos reeds van Riebeeck gedoen het, hulle kinders vir verder opvoeding na Holland gestuur. In ander gevalle is die seun volleerd as hy sestien jaar oud is, en word hy na die platteland gestuur, om, sê Mentzel, weg te kom van die verleiding van die stadslewe, terwyl die gelukkiger seuns wat na Holland of Batavia gestuur word om die wêreld te leer ken, daar dikwels maar te goed in geslaag het.

Wat die opvoeding van klein kindertjies betref, geld wat Kolbe sê alleen van die armste mense, nl. dat die kleintjies deur slavinne opgevoed word. In Mentzel se tyd word die kinders, as hulle vier jaar is, „zu einer Frau in die Schule" gestuur, waar hulle moet leer om stil te sit en gehoorsaam te

wees. In die skool word elke kind deur sy slavin opgepas. As hulle 'n paar jaar ouer is, word hulle na dié skole gestuur waar hulle leer lees, skrywe en reken. As die meisies goed kan lees en skryf — reken lyk nie nodig vir 'n meisie nie — dan kom hulle na huis om te leer naai en brei. Die invloed van die slavinne op die kinderopvoeding is gering, wat blyk uit die gemaklike en netjiese manier waarop die Kaapse meisies hulle gedra (I, p. 558).

Die Kaapse vrouens is uitstekende danseresse. Hulle kleding is „leicht, artig und galant, aber nicht prächtig”. Maar dit lyk of later onder invloed van die Franse besetting, hierin baie verander is. Waar dit op trou aankom, gee die Afrikaanse vrouens die voorkeur aan Europeërs bo Afrikaners. Na afkoms word nie gevra nie: „Segt niet wat gy geweest — maer segt wat gy tegens woordig zeyd” heet dit aan die Kaap. Menige kneg of skoolmeester, as hulle alleen maar weerstand kon bied aan die verleiding van die Kaapse wyn, het dit dan ook ver gebring en dikwels „eine vortheilhafte Heirath” gedoen. Wat die man in 'n meisie soek is „Reichtum, Schönheit, Conduite”. Groot famielies is die reël aan die Kaap. Burger-vrouens en -dogters is aangenamer en natuurliker in die omgang en daar is minder vroulike rangstryd onder hulle as onder die amptenaarsvrouens en -dogters.

So sou daar nog meer interessante besonderhede aan Mentzel te ontleen wees, maar ek moet my beperk, veral omdat veel van wat hy sê nog moet gekontroleer word. Nog net sy onderverdeling van die boere: Die bewoners van die platteland kan verdeel word in vier klasse. Die eerste klas is die wat rentenier in die stad, met 'n kneg op die plaas om die boerdery te reël. Die tweede klas is dié wat rentenier op die plaas, eenmaal per dag rondkyk of die kneg alles agtermekaar het, en verder eet, drink en klawerjas-speel. Die derde klas is dié van die arbeidsame landsman wat die hele dag deur besig is, en die belangrikste werk liefself doen. Die vierde klas is die vee-boere wat ver van die beskawing woon, meestal arm is, maar selfs by groot rykdom weinig beter lewe as Hottentotte (II,

p. 145). Francis Masson (*Phil. Trans. of the Roy. Soc. of London*, LXVI, pp. 288, 291) vertel van een van hierdie laaste klas dat hy verskeie honderde beeste en enige duisende skape gehad het, maar geen bed om op te slaap nie, – wat ooreenkom met Mentzel. Maar Masson het ook ene Jacob Kock, 'n ou Duitser ontmoet, wat hulle baie vriendelik onthaal het. „He had built a handsome house, made gardens and vineyards, possessed numerous herds of cattle, and had upwards of a hundred Hottentots in his service, whom he employed in taking care of them”.

So sien ons dan hoe die eerste vryburgers aan die voet van Tafelberg begin ploeg met deur die Kompanjie geleende „ossens als blijckers doggen” en „aude krengen van koeyen”. En 'n honderd jaar later tref ons 'n Afrikaanse boer aan in 'n mooi huis, honderde myle van Kaapstad, eienaar van tallose troppe vee. Vir dié tyd was so 'n Boer seker 'n uitsonderingsgeval, maar sulke gevalle was daar dan tog. Digter by die Kaap het daar volgens Mentzel 'n honderd jaar na die stigting al 'n klas, selfs twee klasse, van rentenierende boere bestaan. Ongelukkig het die intellektuele vooruitgang blykbaar geen gelyke tred gehou met die materiële nie. In van Riebeeck se tyd was daar minstens 50 % analfabete onder die blanke aan die Kaap. Sou dit beter gewees het in Tulbagh se tyd?

SPONTANE ONTWIKKELING.

Met 'n paar woorde is daar reeds op gewys dat die ontwikkeling van Nederlands in Holland en Suid-Afrika onder baie verskillende omstandighede plaasgevind het, afgesien van vreemde invloed. Na ons blik op die Afrikaanse toestande, moet ons daar uitvoeriger die aandag op vestig.

By 'n normale verloop van taalontwikkeling is die belangrikste oorsake van verandering waarskynlik (1) min of meer gebrekkige oordrag van die taal van 'n ouer op 'n jonger generasie en (2) analogiewerking. Nou meen ek dat Afrikaanse

omstandighede die taaloordrag gebrekkiger en die analogie-werking sterker gemaak het as onder Europese omstandighede die geval sou gewees het. Immers, by 'n suiwer taaloordrag kom veral in aanmerking eenvormigheid van die omgewings-taal, onafgebroke en intieme aanraking met die ouer generasie, langdurige hulp en teregwyding by die aanleer deur die jonger generasie.

In al hierdie opsigte het die Afrikaanse kind daar anders voorgestaan as die Europese. Selfs die taal van die groep Nederlandse ouers, verteenwoordigers van 'n halfdosyn Nederlandse dialekte en afkomstig uit die mees verskillende sosiale kringe, grotendeels mense met weinig of geen opvoeding, moes 'n groot gebrek aan eenvormigheid vertoon het. Die Afrikaanse klimaat en die okkupasie van die Afrikaanse ouers, meestal veeboere en landbouers, het meegebring dat groot en klein hulle wakende ure meestendeels buitenshuis deurgebring het, waardeur die aanraking tussen ouers en kinders korter en lossier was as in Europa. So nie die woord nie, dan in elk geval die idee van huislikheid is nog in Suid-Afrika onbekend. En waar dit tog seker al 'n paar eeue lank reël is dat die Hollandse kind na en naas die invloed van die ouderlike huis onder dié van die skool kom, was daar in 1739, byna 90 jaar na die vestiging, drie, segge drie, regeringskole in die Kaapkolonie. Die gewone onderwyser was meestal 'n gewese soldaat of matroos, wat drie of ses maande lank vir soveel skape die kinders op die boereplase voorberei het vir die katkisasie, en hulle verder so 'n bietjie touwys gemaak het in die beginsels van die lees-, skryf- en rekenkuns.

Onder sulke toestande moes die, ook anders al magtige, werking van die analogie in Suid-Afrika oppermagtig geword het. Oor analogieformasies in Afrikaans kan dan ook meer geskryf word as ons hier plek voor het. Ek volstaan met twee voorbeelde, wat ook daarom interessant is dat hulle soms aangesien is vir resultate van die invloed van vreemde tale.

Volgens Verdam (*Uit de Gesch. der Ndl. Taal*, p. 246)

is -s in Afrikaans die enigste meervoudsuitgang. Hierdie bewering is ver van die waarheid, maar Verdam se verklaring dat dit 'n analogiese uitbreiding van die meervoudsvorm op -s is, wat ook in Hollands aangetref word, is ongetwyfeld juis. In die 17de-eeuse en ook in die hedendaagse Hollandse volkstaal is die meervoudsvorm op -s baie algemener as die Hollandse skryftaal laat vermoed (sien *Het Afr.*, p. 134). Hierdie analogiese gebruik van die s-meervoud het in die 17de-eeuse Hollands al 'n taamlike uitgebreidheid gehad, maar is later in die volkstaal deur die invloed van die onderwys en die literatuur teengewerk. Nie in Suid-Afrika nie. Hier het die analogiese uitbreiding toegeneem in so 'n mate dat die s-uitgang op 'n Hollandse taalgeleerde die indruk maak van die enigste uitgang te wees. Waar ek veral die aandag op wil vestig is egter dat juis in die Hollandse volkstaal, meer in die besonder nog in die seemanstaal, die analogie hier sterker gewerk het as in die algemeen-beskaafde taal: nog 'n voorbeeld van die remmende invloed van die „skoolmeester” op die ontwikkeling van die taal.

Ook by die dubbele *nie* en soortgelyke herhalingskonstruksies in Afrikaans is gedink aan vreemde invloed. Ek meen dat ons hier ook eenvoudig te doen het met analogiewerking, nou op sintaktiese gebied. Deur sintaktiese analogie is uit twee konstruksies soos *hy loop die huis uit* en *hy loop uit die huis* 'n sogenaamde kontaminasieprodukt *hy loop uit die huis uit* ontstaan. Op dieselfde manier kry ons *al lank al* uit *al lank* en *lank al*. 'n Soortgelyke verklaring kom my by die dubbele *nie* aanneemlik voor: *ek gaan nie* en *ek sal nie gaan* gee aanleiding om te sê *ek sal nie gaan nie*. Ook hiervoor vind ons Hollandse voorbeelde en liefs weer in die volkstaal: *al lank al* kom o.a. in die dialek van Noord-Holland voor (vgl. Boeken-oogen, *Zaansche Volkstaal* onder *al lank al*) en konstruksies soos *je mot het niet gelooven niet* kom nog voor in die volkstaal van Utrecht (vgl. du Toit: *Afrikaansche Studies*, p. XX). In die Amsterdamse volkstaal kom die uitdrukking *nie eins nie* nog voor (Van Ginneken, *Regenboogkleuren*, p. 174, 176).

Veral by die aanleer van 'n taal speel analogie 'n rol waarvan die betekenis byna nie kan oorskat word nie. Ons durf gerus sê dat sonder analogiewerking die aanleer van 'n taal, selfs van die moedertaal, onmoontlik was. Dit is hier nie nodig om daaroor uit te wei nie, en ek gee weer net 'n paar voorbeelde. Die Hollandse sowel as die Afrikaanse kind sê *taggentig* na analogie van die voorafgaande en volgende getalle *sewentig* en *negentig*. Dat *taggentig* in algemeen-beskaafde Hollands weinig gehoor en in die Hollandse skryftaal nie gebruik word nie, is te danke aan die onderwys van ouers en meesters. Die Afrikaanse kind is nie geleer, of nie voldoende geleer om in plaats van die natuurlike vorm *taggentig* die „korrekte” vorm *tagtig* te gebruik nie. Dieselfde geld van die Hollandse kind uit die volksklasse. Op dieselfde manier ontstaan in Afrikaans na analogie van woorde soos *lakens*, *kussens*, *dekens*, die inkorrekte maar analogies-natuurlike vorm *beddens*; en waar naas meervoude soos *beddens*, *vrouens*, *nôiens* 'n enkelvoud *bed*, *vrou*, *nô* bestaan, kon die Afrikaner naas die meervoud *varkens* 'n enkelvoud *vark* vorm. Sulke formasies vind ons in alle tale, maar in 'n taal wat so losbandig groot geword het as Afrikaans, het hulle minder gevaar geloop om deur die tradisioneel-korrekte vorme verdring te word.

Om te wys watter resultate analogiewerking ook in Hollandse dialekte gehad het, en daardeur 'n begrip te kry van wat spontane ontwikkeling onder gunstige omstandighede kan bereik — want daarom is dit my hier te doen — haal ek ook daarvan 'n paar voorbeelde aan.

In baie hedendaagse Hollandse dialekte is daar 'n neiging om sterk werkwoorde swak te gebruik. „Vele sterke werkwoorden zijn geheel zwak geworden, andere hebben alleen een zwak praeteritum of participium. Sommige ook hebben sterke en zwakke vormen naast elkaar”. „Het praeteritum van het zwakke werkwoord heeft in alle personen den uitgang *n* uit *dn*”; *ik*, *iej*, *ej*, *wi-j*, *iej*, zie *speuln*”, d. w. s. Hollands *ik*, *jij*, *hij*, *wij*, *jullie*, *zij*, *speelden* (vgl. Gunnink: *Het Dialekt van Kampen en Omstreken*, pp. 78, 91). Die dialek van die Suid-

Hollandse eilande het net twee vorme vir die teenwoordige tyd: *ik, jij, hij, past, hoort, leest, breek, geef*; en *wij, jullie, zij, passe, hoore, leze, breke, geve* (Opprel: *Dialect van Oud-Beierland*, p. 41).

By hierdie laaste voorbeelde moet behalwe analogie ook nog klankverandering in aanmerking geneem word. Van alle taalveranderinge word dit miskien as die mees normale beskou. Maar ook hier weer het ons dieselfde verskynsel: deur onderwys en literatuur word die verandering van klanke teengegaan. Dit sien ons weer die beste deur Hollandse dialekte te vergelyk met die Hollandse algemeen-beskaafde spreektaal, wat tot op sekere hoogte 'n kunstaal onder invloed van die skryftaal is. Selfs wanneer ons in aanmerking neem die verskil wat dit maak dat ons die dialekte in 'n min of meer fonetiese skrif weergee, is dit tog duidelik dat klankverandering opvallender is in die meeste dialekte as in die algemeen-beskaafde taal. Uit die dialek van Kampen en omstreke haal ek die volgende aan: *groos*, Afr. ook soms *groos*, Holl. *groots*; *vanaans*, Holl. *van de hands*, vgl. Afr. *ooraans* (*oorhands*); *bossel*, Afr. *borsel*, Holl. *borstel*; *stiesel*, Afr. *stysel*, Holl. *styf sel*; *bomme-deen*, Afr. *bommedeer*, Holl. *bombarderen*; *wafn*, Afr. *waffer*, Holl. *wat voor* (*een*); *aanse*, Holl. *handschoen*; *vro(m)mes*, Holl. *vrouw mens*. In die Zaanse volkstaal kom die volgende vorme voor: *dinken* naas *denken*; *ferweel* (*fluweel*); *graden*, mv. van *graat* (van 'n vis); *iepekonderig*, net as in Afr., terwyl Holl. *hypochondries* skryf; *laag* naas *leeg*; *smiddes* ('s *mid-dags*); *saves* ('s *avonds*); *wat se jij?*, Afr. *wat sê jy?*; *Alie* (Holl. *Aaltje*); *Nelie* (Holl. *Neeltje*), *Gerrie*, *Hennie*; *genog*. Vorme soos *strakkies*, *passies*, *saampies*, wat presies ooreenkom met Afrikaans, dring ook wel in die beskaafde Hollandse spreektaal.

Ek beperk my tot hierdie paar voorbeelde. Die leser kan in van Ginneken se *Handboek der Nederlandsche Taal*, eerste deel, meer voorbeelde kry wat hom sal oortuig dat (1.) in die algemeen gesproke, die ontwikkeling in die dialekte sneller was as in die algemeen-beskaafde taal, veral wat betref ana-

logiewerking en klankverandering, en (2) dat wat klanke betref, die afwykinge tussen Afrikaans en Hollands nie groter is as tussen baie Hollandse dialekte en die algemeen-beskaafde taal nie.

Die voorstelling asof die dialekte oor die algemeen veel argaïstieser is as die algemene taal, lyk my dan ook maar 'n baie halwe waarheid. Die feit is dat in die dialekte soms ouderwetse woorde en klanke aangetref word wat in die algemene taal nie voorkom nie. Dié vorme is dikwels van groot waarde vir die historiese en vergelykende taalkunde, waardeur daar dan 'n helder lig val veral op die paar toevallig bewaarde argaïsmes, terwyl die opsigte waarin klank-assimilasie en vorm-analogie in die dialekte 'n groter rol gespeel het, oor die hoof gesien word. Ook in die taal word daar meestal meer belang gestel in die dooie as in die lewende! Wel sê Verdam: „in de taal des volks moet men de eigenlijke levende taal zoeken en hare natuurlijke eigenschappen leeren opmerken” (*Uit de Gesch. der Ndl. Taal*, p. 98), maar in dieselfde hoofstuk, waarin hy nogal die waarde van die dialektstudie wil laat uitkom, het hy dit oor „de bandeloosheid, waardoor ook onze beschaafde omgangstaal zich kenmerkt” (p. 106); die spreektaal is „verder dan noodig was van de schrijftaal afgedwaald, en wel door eene zekere verwildering” (p. 108); en hy hoop op die invloed van die vorstehuis om die verwildering en bandeloosheid teen te gaan! Hier is die taalwetgewer aan die woord en nie die taalstudent nie. Dit bevreemd ons dan ook nie dat Verdam se bespreking van dialektiese verskynsels byna uitsluitend oor die woordeskat handel nie. Veel interessanter verskynsels, soos die volgende uit die Haagse dialek, soek mens tevergeefs: *paardes, mannes, meides, deures* as meervoudsvorme; derde persoons-vorme van die werkwoord as *heef, loop, preek*; eerste persoons-vorme as *blijft, komp* (vir *komt*); *me* in plaas van *we* by die persoonlike voornaamwoord, meervoud van die eerste persoon; *zijn* in plaas van *hij* en *hem*; *hun* naas *hullie, zullie* (1e en 4e nv.) by die persoonlike voornaamwoord van die derde persoon, ens. 'n Paar voorbeeldjies uit die Haagse volkstaal: *Zijn heef 'et*

gedaan; *hun zijn verhuis*. 'n Haagse soldaat skryf: *ik kos u niet nalaate u te schryve, nu ze mijn overgeplaas hebbe naar Leije, de kos is bes, . . . met Augustus komp ik met groot verlof, zodat asdat we dan same der eens op uit zelle. Mijn broer is met te maneuvers na Utreg*, ens. (*Regenboogkleuren*, p. 16 vlg.). Vergelyk hiermee die brief van Skipper Symonsz op bls. 105, en oordeel dan hoe ver die dialekte in die belangrikste opsigte voor die algemene, beskaafde taal aan was en is, wat betref nuwerwetsheid — of „verwilderling”.

Met hierdie feite voor oë, moet daar sterk nadruk op gelê word dat by 'n verklaring van die ontstaan van Afrikaans spontane ontwikkeling 'n baie belangrike rol gespeel het, wat nie oor die hoof mag gesien word nie. Vir die Afrikaanse taalkunde is dit 'n punt van prinsipiële belang, en hoewel ek nie die betrokke argumente van Prof. Hesseling alle krag wil ontsê nie, meen ek tog beslis party te moet kies vir die opvatting van Dr. Kruisinga, dat eers aan vreemde invloed moet gedink word, *nadat* geblyk het dat spontane ontwikkeling geen bevredigende verklaring kan gee nie.

In hoever analoga in ander tale as Hollands 'n bewys kan wees vir spontane ontwikkeling in Afrikaans, is nie vooraf te bepaal nie en moet afhang van die meriete van elke aparte geval. Maar waar vir 'n Afrikaanse ontwikkeling iets soortgelyks in Hollands kan aangetoon word, moet vreemde invloed al baie oortuigend bewys wees, voor spontane ontwikkeling van die hand mag gewys word.

Ek wil begin met 'n vir myself ongunstige voorbeeld. Ons sê in Afrikaans *hy is lekkerlyf*, wat ek in *Afrikaans en Maleis-Portugees* vergelyk het met *hij is platzak*. Hierdie vergelyking word deur Prof. Hesseling gewraak omdat ek 'n serie van Afrikaanse uitdrukkinge wil verklaar met 'n onverklaarde Hollandse unicum (*De Nieuwe Taalgids*, 1916 p. 255). Sover as ek kan uitmaak het Prof. Hesseling destyds 'n serie van twee sulke samestellinge in Afrikaans geken: *hy is lekkerlyf*

en *hy is droëlewer**). En dat die Hollandse uitdrukking onverklaar is, kom op rekening van die Hollandse taalgeleerdes. So lang as die moontlikheid bestaan dat *hij is platzak*, *hij is ruttebeurs*, *het land is blootschoof* spontane ontwikkelinge in Nederlands is, is dit ook moontlik dat *hy is lekkerlyf* en een of meer soortgelyke uitdrukkinge in Afrikaans op dieselfde spontane manier ontstaan het. Dat ek vandag geneig is om aan te neem dat ons hier met ontleninge uit Hottentots-Afrikaans te doen het, omdat dergelyke uitdrukkinge baie in dié vorm van Afrikaans voorkom, doen aan die algemene prinsiepe niks af nie. Die voorbeeld is natuurlik vir my in sover ongunstig omdat die moontlikheid bestaan dat *hij is platzak* ens. in Hollands aan vreemde invloed toe te skryf is, hoewel die waarskynlikheid my gering lyk. Hieroor is die woord aan die Hollandse taalgeleerdes!

'n Ander voorbeeld — ek kies weer een wat op die grens staan — is *ons* vir *wij* in Afrikaans. By die verklaring hiervan is eers gedink aan Franse invloed. Prof. Hesseling dink aan Maleis-Portugese invloed. Ek glo dat van Ginneken die eerste was wat daarop gewys het dat *ons* vir *wij* ook in Seeus gebruik word. Sover ek weet is hierdie Seeuse eienaardigheid nog nie verklaar nie, en ook hier bestaan die moontlikheid dat dit in Seeus aan vreemde invloed te danke kan wees. Maar wanneer ons in aanmerking neem dat behalwe die Seeuse *ons* vir *wij*, nog in die Haagse dialek *hun* in die eerste naamval meervoud voorkom, *zijn* in die eerste, derde en vierde naamval enkelvoud, dat in verskillende Vlaamse dialekte dikwels *(h)em*, *(h)en*, vir *hij* gebruik word, dat in beskaafde Hollands *u*, *je*, *jullie*, in Frans *nous*, sowel eerste as vierde naamval is, dat sporadies in Hollandse dialekte *me* naas *we* voorkom, dat in verskillende Engelse dialekte *us* gesê word in plaas van *we*, dat *them* voorkom in plaas van *they*, dan verloor die verskynsel baie van sy vreemdheid. In die genoemde voorbeelde is die saamval van vorme in 'n paar van die gevalle, soos *me* vir *we*,

*) „Hy is hoenderkop”, wat ook genoem word, is 'n ander soort samestelling.

aan bloot fonetiese oorsake te danke, maar by Seeus *ons* vir *wij*, Haags *hun* vir *zij*, *zijn* vir *hij* en *hem*, dialekties Engels *us* vir *we* ens., kan dit nie die geval wees nie. Het ons hier te doen met 'n resultaat van taalmenging, van dialekmenging? Die ooreenkoms in gebruik met Maleis *kami* of *kita* en Afrikaans *ons* kom hierdeur in elk geval in 'n baie verwyderde verband te staan.

Hoewel ek met Prof. Hesseling baie spore van vreemde invloed op Afrikaans vind — al soek ons die herkoms in verskillende rigtinge — en veral in die tempo van die ontwikkeling van Afrikaans 'n afdoende beswaar sien teen die aanname alleen van spontane ontwikkeling, kom dit my tog voor dat Prof. Hesseling aan hierdie laaste beswaar soms te veel gewig heg. So b.v. in sy repliek op Dr. Kruisinga se stuk (*Taal en Letteren* XVI, p. 478) sê Prof. Hesseling: „wij horen niet hoe lang het geduurd heeft eer 't Latijnse futurum had plaats gemaakt voor de omschrijvende vorm (in Frans)” ens. Hoe lang *het* dit geduur? M.i. moet ons aanneem dat die ontwikkeling in Frans geduur het van af die moment dat die omskrewe futurum vir die eerste keer in plaas van die ou sintetiese vorm gebruik is tot die moment dat die ou vorm *in die spreektaal* buite gebruik geraak het. Dié periode is allig nie op 'n halwe eeu na aan te gee nie, maar het dit langer geduur as twee of drie eeue? So nie, is alle gedagte aan spontane ontwikkeling by die Afrikaanse vervanging van die Nederlandse imperfek deur 'n omskrewe vorm dan uitgesluit, veral wanneer ons daarop let dat in Suid-Duitse dialekte 'n volkome parallele ontwikkeling plaasgevind het, en b.v. in die dialek van Kampen die vervoegde vorme van die werkwoord betreklik weinig gebruik word, maar in plaas daarvan 'n omskrywing met *wezen*?) Hoe lang het die ontwikkelingsproses in hierdie geval geduur in Suid-Duitsland? En val die begin van die Afrikaanse ontwikkeling nie al in 'n voor-Afrikaanse tydperk nie?

*) In Kampen sê hulle dus „ei was ant speuln”, waar ons in Afrikaans sou sê „hy het gespeel” en in Hollands „hij speelde” (vgl. Gunnink, t. a. p., p. 78).

Die ontwikkelingstempo van twee tale kan alleen vergelyk word wanneer die ontwikkelingstoestande dieselfde is. Om dus te kan oordeel hoe snel Afrikaans ontwikkel het in vergelyking met ander Germaanse tale, afgesien van die invloed van vreemde tale, is dit nodig om dit te vergelyk met 'n Germaanse taal waarvan die uitgangspunt bekend is, wat 200 jaar lang feitlik buiten die invloed van onderwys of literatuur gestaan het, onder die allerprimitiefste sosiale toestande, in 'n land waar die kommunikasiemiddele aan middeleeus-Europese toestande herinner het, en so dun deur blanke bevolk was dat iets soortgelyks heeltemal buiten Europa moet gesoek word.

DIE ROL VAN DIE „KINDER”-TAAL.

Ek mag aanneem dat ek in al die voorgaande voldoende nadruk gelê het op die rol wat toegeken moet word aan „spontane ontwikkeling”, sowel as op die betekenis wat geheg moet word aan „indirekte invloed” van vreemde tale, sodat ek eindelijk die twee faktore kan saamvat waardeur m. i. die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans die beste kan verklaar word. By die verklaring van besonderhede het ek hoërop al so dikwels my teorie „toegepas”, dat ek hier kort kan wees, al kan ek daardeur die verwyd van telkens in herhaling te verval nie meer ontloop nie.

Vooropgestel moet word dat begrippe ontleen aan die logiese en die historiese grammatika, hoeveel waarde veral die laaste ook mag hê, hier meer belemmerend as verklarend werk, selfs wanneer ons die opvatting al lang agter die rug het dat „the symbolic denotation of relation by flexion is the highest accomplishment of language” soos Jespersen dit uitdruk. Ons het reeds gesien hoe onhoudbaar die gangbare indeling van woorde in logiese kategorieë is by die bespreking van uitdrukkinge soos *ek is honger*, en hoe moeilik dit is om daarvan weg te kom. Veel vrugbaarder lyk my 'n taalbeskouing soos

geopenbaar word o. a. in *De Roman van een Kleuter* van van Ginneken, hoewel dit my voorkom dat die skrywer se kennis van taalanatomie sy taalpsigologie nog soms in die weg staan. Hierdie werk, tesaam met *Language, its Nature, Development and Origin* en *The Philosophy of Grammar* van Jespersen het baie verskynsels in my eie taal vir my duideliker laat word.

In die eerste hoofstuk is daar op gewys dat kinders en vreemdelinge as faktor van taalverandering tesaam kan gegroepeer word (vgl. Jespersen, *Lang.* p. 191). Daarom, sê Jespersen, is dit verkeerd om te meen dat „Pidgin-English” Engels is met Sjinese uitspraak en grammatika: „We might just as well say that the speech of a two-year-old child in England is English with Chinese grammar, and that of a two-year-old French child is French modelled on Chinese grammar: the truth, on the contrary, is that in all these seemingly so different cases the same mental factor is at work, namely imperfect mastery of a language, which in its initial stage, in the child with its first language and in the grown-up with a second language learnt by imperfect methods, leads to a superficial knowledge of the most indispensable words, with total disregard of grammar” (t. a. p., p. 233, 234).

Hier het ons dus ’n punt waar die ontstaan van mengeltale en die selfstandige ontwikkeling van ’n besondere taal mekaar kruis, mekaar by gunstige geleentheid kan steun en selfs in mekaar kan opgaan. Die psiegiese prosesse werksaam by die aanleer van ’n vreemde taal deur volwassene moet in wese dieselfde wees as dié by die aanleer van die moedertaal deur kinders, al sal daar afwykinge voorkom in besondere onderdele. So moet by die volwassene al aanwesig wees wat Paul noem „stoffliche und formale Gruppen” waardeur die analogiewerking by volwasse vreemdelinge dikwels in ander rigting moet gaan as by kinders, by wie die groepe ontstaan uit die aan te lere taal self. Dit is egter duidelik dat hierdie, wat ek sou wil noem „spontane” groepe ook moet ontstaan by volwasse vreemdelinge namate hulle meer van die nuwe taal aanleer. In elk geval is dit aanneemlik dat in meer opsigte as een

die betreffende volwasse vreemde die aantal „kinders” wat die taal aanleer, moet versterk.

As die vreemdelinge maatskaplik laer staan as die oorspronklike sprekers van die taal in kwessie, dan sal hulle kromtaal net so weinig direkte invloed hê op die taal as kindertaal pleeg te hê op die taal van die ouer generasie. Hierdie opmerking — wat reeds vroeër gemaak is in verband met die invloed van die taal van slawe, Hottentotte, en Kaffers op dié van die blanke in Suid-Afrika — word gesterk deur wat Jespersen sê oor die invloed van die taal van die laerstaande Finne op dié van die oorheersende Swede: „in spite of the fact that most Swedish-speaking people (in Finland) have probably spoken Finnish as children and have had Finnish servants and playfellows to teach them the language, none of these peculiarities have influenced their Swedish” (t. a. p., p. 207).

Namate die oorspronklike taal van die vreemdelinge digter staan by die taal wat hulle oorneem, sal hulle kan beskou word as kinders van meer gevorderde leeftyd, wat dus minder afwykende, meer „spontane” analogiegroepe by hulle taalskepping te pas bring. Die ooreenkomste in woordeskat is in baie gevalle al daar; fyn grammatikale verskille word uitgewis. So sê Jespersen (t.a.p., p. 214) in verband met die Skandinawiese invloed op Engels: „it is quite natural that the Scandinavians should have exercised a *general levelling influence* on the English language, as many niceties of grammar would easily be sacrificed where mutual intelligibility was so largely brought about by the common vocabulary. Accordingly, we find that in the regions in which the Danish settlements were thickest the wearing away of grammatical forms was a couple of centuries in advance of the same process in the southern parts of the country”. Die vergelyking met Duits en Nederlands in Suid-Afrika dring sig vanself aan ons op. Alleen meen ek dat die verklaring van die laaste feit ook hier daarin moet gesoek word, dat in die Noorde invloed van *Deens-Engels* op suiwer Engels sterker kon gewees het as ander eksterne invloed in die Suide.

De Roman van een Kleuter van van Ginneken is veral daarom vir ons doel van soveel waarde omdat dit handel ook wel oor kindertaal in die algemeen, maar dan tog na aanleiding van *Hollandse* kindertaal. Daar kan dus geen beswaar teen bestaan dat ek die taal van sy Keesje beskou as verteenwoordigende oor die algemeen die taal van die eerste Afrikanertjies aan die Kaap nie. Veral interessant is natuurlik dié verskynsels in die Hollandse kleutertaal wat afwyk van die Hollandse grootmenstaal, maar ooreenstem met Afrikaanse grootmenstaal. Ek moet my beperk tot die belangrikste en soek daarom meestal dinge wat aanknoop by Afrikaanse eienaardighede wat hoërop bespreek is.

„t Veelvuldig gebruik van verkleinwoordjes, aan 't Afrikaansch eigen" (*Het Afrikaansch*, p. 134) is eie aan alle kindertaal, ook aan dié van Keesje (*De Roman* ens., p. 74).

In die taal van Keesje word in die begin die werkwoord meestal in die infinitiefvorm gebruik (t. a.p., p. 74), net soos in Afrikaans, waar dan later nog, miskien langs fonetiese weg, die infinitiefuitgang verdwyn.

Na aanleiding van die sinnetjie van Keesje: *neusje pijn*, merk van Ginneken op dat „pijn bij kinderen altijd als adjektief opgevat wordt" (p. 94). En dat dit nie iets individueels by Keesje is nie, blyk uit die aantekeninge van Dr. de Vooy's (*De Nieuwe Taalgids* X, 95) waar die adjektief *pijn* attributief gebruik word: *mijn pijnse handje*, en in die oortreffende trap: *het pijnste plekje*. Hier staan ook die voorbeeld: *ik heb nog veel dorster*. Vergelyk hiermee wat bo gesê is oor *ek is honger*. *Neusje pijn* staan gelyk met *Keesje honger*, en *ek is hongerder* met *ik heb nog veel dorster*. Selfs as in *ik heb honger*, *honger-hebben* geen saamgestelde werkwoord mag wees nie, is van taalgenetiese standpunt uit die opvatting dat *honger* hier 'n adjektief is seker gewettig!

„Van een juiste onderscheiding tusschen mannelijk, vrouwelijk en onzijdig of tusschen enkelvoud en meervoud of tusschen

zelfstandig en bijvoeglijk gebruik is op dezen leeftijds natuurlik by Keesje al even weinig te merken" (p. 149), merk van Ginneken dan ook in die algemeen op. 'n Kind van 7½ jaar praat by de Vooy's nog van *hem huis*.

Werkwoordelike persoons- en getalvorme kom by Keesje deurmekaar voor (p. 154, 155).

„Inkorrekte" werkwoordelike tydsvorme kom herhaaldelik voor: *gedrinkt, aangekwamd, gevald, gekrijgd* (p. 183). De Vooy's teken nog aan: „Zwakke vorme van sterke werkwoorden (*loopte, geefde, vliegde*) zijn zò talrijk en zò algemeen bekend, dat ze hier niet behandeld hoeven te worden. Bekend is ook dat ze met het aanbreken van de schoolleeftijd niet verdwynen, en zich zeer lang door telkens herhaalde vorming handhaven. Dat verklaart het zwak worden van zo menig sterk werkwoord. Maar ook worden naar de verleden tyd deelwoorden gevormd, als *aangekwamd, gewist*. Infinitieven als *kochten* en *brachten* komen nog veel later voor dan men zou menen" (t. a. p., p. 95). Vergelyk met die laaste Afrikaans *verloor* en *dolwe*.

„Voorloopig geeft Keesje nog de voorkeur aan het verleden deelwoord met *hebben* of *zijn*" bo die imperfekvorme (p. 188).

In verband met die voorgaande paragraaf het ons hier 'n byna komplette verklaring van die Afrikaanse werkwoordelike stelsel.

Is dit nodig om nog meer aan te haal? Oor woordverklaring is in die stuk van de Vooy's (t. a. p., p. 128 vlg.) nog baie te put wat op Afrikaans van toepassing is. Ek noem een belangrike punt nog: „werkwoordelike stamme worden gemakkelik substantieven, b. v. daar ligt een *klets* water op de grond; in een wip, in een *spring* ben ik er" (p. 140). Vgl. hiermee Afrikaanse substantiewe soos 'n *sny*, 'n *byt*, 'n *gryp*.

'n Waardevolle opmerking oor Hollandse kinderklankleer (of mag ek nie so algemeen praat nie?) gee van Ginneken: in die taal van Keesje word die sagte glyers in die begin

meestal deur die ooreenkomstige skerpe vervang, b. v. *fies*, *chooie*, *sitte* vir *vies*, *gooie*, *zitte* (p. 55, 109). Is hierop al tevore gewys in verband met die *f*, *s*, *ch*, in Afrikaans?

Ook hier sal die ondersteuner van die spontane-ontwikkelingsteorie vra: maar waarom dan te dink aan die invloed van vreemdelinge-Nederlands? Die invloed van die kindertaal is immers werksaam in alle lande en tye, en moet beskou word as 'n suiwer spontane ontwikkelingsfaktor? Waarom sou die kindertaal in Suid-Afrika 'n soveel belangriker rol gespeel het as in ander lande, vra die ondersteuner van vreemde invloed? Wat in die laaste paar paragrawe aangevoer is, skyn 'n kragtige ondersteuning te wees van die teorie van Ds. Postma (vgl. p. 39). Die antwoord op hierdie vrae is belangrik:

By Keesje sien ons telkens die inwerking van die taal van sy moeder. As sy skepping afwyk van die gewone taalgebruik „dan merkt hij dat meestal zelf vrij gauw, *daar moeder* voor hetzelfde ding of feit een anderen vorm gebruikt, als hij. Stemt het taalgebruik met z'n eigen uitvinding overeen, dan is elke keer, dat hij een ander dien vorm hoort gebruiken, een nieuwe bevestiging en herhaling van z'n kunstje" (p. 129). „Zulke analogisch in elk kind opkomende taalverschijnselen hebben, om te blijven voortbestaan, de instemming der huisgenooten noodig" (p. 131). De Vooy's sê: „in de meeste gevallen is het kind zich niet bewust van de onnauwkeurige reproductie. Wordt het niet verbeterd — b.v. in onderlinge gesprekken van de kinderen — dan krijgt die nieuwe vorm een zekere vastheid, die door wisselwerking versterkt wordt, wanneer andere kinderen deze vorm overnemen" (t. a. p., p. 128).

Maar wat kennis van die Hollandse taal betref is omstreeks 1700 *die helfte van die blank Kaapse ouers self kinders!* Die analogiese verskynsels in die taal van Kees Afrikaner het ook voorgekom in die taal van sy Afrikaanse moeder, wat dus afwykinge van grootmens-Hollands nie kon verbeter nie, omdat sy self nie beter geweet het nie. En gesteld dat die moeder 'n Hollandse van geboorte was en — wat so goed as onmoontlik was — haar Hollands suiwer kon hou, dan het haar invloed

gestaan teenoor dié van Kees se speelmaters, die du Plessis van La Rive en die Schmidts van Braunschweig, van Outa Klaas en Aia Doortjie en Paai Boelie en Maai Katrien en klein Ierka en Jantjie en Fytjie en Spaas en hoe die ander Hottentot- en slawekinders ook mag geheet het op die plaas van Kees se vader. Hulle het algar 'n Nederlands gepraat wat nog verder moes afgewyk het van die Hollands van Kees se moeder as sy eie kinder-Hollands. Wie sou wen, die invloedryke groepie van Hollandse ouers, of al die ander „kinder“-groepe?

Hoe magtig die moedertaalinvloed was, bewys die suiwer Nederlandse karakter van die teenswoordige Afrikaans. Die teorie dat Afrikaans „halverwege is blijven staan op den weg om Kreoolsch te worden" (*Het Afr.* p. 155) is alleen in hierdie sin gedeeltelik waar, dat ook Kreools-Afrikaans bygedra het tot die sneller ontwikkelingstempo van Nederlands in Suid-Afrika. Want die invloed van die *dubbele* kindertaal moes groot gewees het: „Children naturally come to invent more formations by analogy than grown up people" (Jespersen, *Language*, p. 163). Dat baie van hierdie analogiese formasies moes afwyk van Hollands, tradisionele Hollands, spreek van self. Immers „a formation by analogy is by definition a non-traditional form" (t. a. p.).

Jespersen sê: „grown-up people in many cases catch up the words and forms used by children (selfs wanneer hulle beter weet dus) and thereby give them a power of survival which they would not have otherwise; . . . grown-up people alter their language so as to meet children halfway (p. 179). Laat dit minder absoluut waar wees as Jespersen dit voorstel, baie daarvan is seker waar, soos hy voortgaan om te bewys.

Alles wat ek hier aangehaal het is so natuurlik dat dit miskien nie eers nodig was om dit te sterk met die outoriteit van Jespersen, van Ginneken en de Vooy's nie, om stil te bly van ander, Duitse en Engelse, skrywers oor algemene kindertaal, wat nog sou kon aangevoer word. Maar wat vir die een vanselfsprekend is, is vir die ander dikwels onaanneemlik. So was daar 'n tyd dat Prof. Hesseling nie wou glo dat blanke

hulle taal opsetlik vereenvoudig as hulle met baar Kaffers ens. praat nie (vgl. *Negerhollands*, p. 54 en *Taal en Letteren* XVI, p. 485). So kan daar ook mense wees wat nie glo aan Jespersen se opmerking dat ouers dikwels hulle taal vereenvoudig om hulle kinders tegemoet te kom nie. Dat die blanke sy taal vereenvoudig as hy b.v. met Kaffers praat, en selfs konstruksies uit Kaffer-Afrikaans tydelik oorneem om homself begryplicher te maak, weet ek uit eie ondervinding. Watter invloed dit op den duur het op die taal van die blanke is minder gemaklik te konstateer. Maar wie sal alle blywende invloed ontken, veral waar ons te doen het met geringe afwykinge van blanke-Afrikaans? En geld dieselfde nie van die invloed van kindertaal op grootmenstaal nie?

Die gevolgtrekking waartoe die oorweging van die laaste paar bladsye ons bring, is weer, soos telkens tevore, van watter punt ons ook die kwessie bekyk het, dat die ontwikkeling van Afrikaans nie „spontaan” kan genoem word nie, maar dat dié ontwikkeling Afrikaans ook nie tot 'n „mengeltaal” gemaak het nie.

KLAPPER.

-a (b.v. in **Gotta**, **kinta**) 96, 97.
adaptasie 36—37, 100.

ag- (b.v. in **magtag**) 96, 97.
analogie 133 vlg.

Barbier 15, 32, 35.
bloedmenging 26, 129.
bottel 73.
broekskeur 88.

Danckert 52, 54, 125.
defleksie 14, 143.
dialekte 111—112, 136—139.
die as lidw. 92, 105, 109—110.
dj i. p. v. **j** 95—96.
dolwe 94, 146.
droëlewer, **ek** is 86, 140.
Duits 23—27, 112—116.
Duitse woorde 115—116.

-e agter ww. en bnww. 94, 98.
Engels as mengeltaal 67—69.
Eva, die Hottentottin 50, 53.

flikflooi-tong, 81.
Frans 20—23, 112—116.
Franse invloed op Holl. 68.
Franse woorde 113—114.

geslagte in 17de-eeuse Holl. 104.
godsdien 130—131.
Goens, dekreet van van 51.

handelstaal 42—49.
hoenderkop 87, 140.
honger, **ek** is 83—87, 90, 142, 145.
Hottentots 16—20, 86, 116—119.
Hottentotse woorde 76—78, 113.
Hott.-Ndl. 17, 19, 36—37, 91, 119.
Hugenote 21, 121.

-ie i.p.v. -e(e) 96.
-ing (b.v. in **koring**) 97.
-ismes (b.v. **sing-sing**) 79—91.
isolasie 122.

Kafferwoorde 77.
kardoes 74.
kerk en skool 130—132.
kindertaal 9, 38—39, 134, 142—149.
klankverskynsels 95—98, 111, 137, 146.
klassieke grammatika 84, 107, 142.
knipmes-ry 81.
koeël 81, 116.
Kolbe 43—46, 127.
Kreools 11, 35.
Kreools-Afr. 80—82, 86—89.
Kreools-Ndl. 29—32.
kultuurverskil 62—63, 117—118, 144.

lepel-lê 81.
lekkerlyf, **ek** is 86, 139.
los (as ww.) 82.

Maleis-Portugees 27—29, 42—65.
Mal. woorde in Afr. 71—74.
Mal. woorde in Holl. 78.
meervoudsvorming 82, 135—136.
Memorie van van Riebeeck 53.
mengeltaal 12, 38, 66—70, 143.
Mentzel 127—133.
moveer 74.

nie... nie 135.

-oe i.p.v. -o(o) 96.
ons vir **wy** 88, 92, 140—141.
ontleninge in Afr. 70—79.

paai 75.
Pa-hulle 82.
platzak 86, 88, 139.
Portugese woorde 70—73.
propschiet 88.

Rheede, rapport van van 18.
Riebeeck, memorie van van 53.

Sara, die Hottentottin 52, 53.

satang, 97.

seemanstaal 32-34, 71, 105-111.

sie(s) 76-77.

sing-sing 81.

skeepsbemanning 47-48.

skool en kerk 130-132.

slawe :—

Angoolse en Guinese 50, 53, 64.

Batawiese 50.

Madagaskarse 56, 57, 64.

Mosambiekse 57.

Oosterse 50, 52, 56, 57.

slawetaal 49-65, 116-119, 144.

sny, 'n 81, 146.

spontane ontwikkeling 10, 34-39,
133-144.

staan-lê 82.

staan-staan 81.

-t, verlies van slot- 95.

taaladaptasie 36, 37, 100.

taaloordrag 9, 30-31, 133-134.

taaltradisie 10.

taalverandering 7-13, 141.

taalvermenging 11, 35-38, 143-
144.

tjap 80.

uitvars 82.

-um-uitgang in Hott.-Afr. 14.

verbuiging in Afr. 33, 94, 98, 104.

verloor 94, 146.

vervoeging in Afr. 93, 104-107,
136, 141, 145, 146.

verwarring van woordsoorte 80
—86.

vir, ek het — hom gesien 88-89.

volkstaal 103-108, 124.

vormverlies 5-7.

Vreemdelinge-Ndl. 13, 39-41, 79,
99-149.

weë 122, 130.

werkwoordelike vorme — sie ver-
voeging.

woordeskat van Afr. en Holl. 69.

woordsoorte 80-86.

LYS

VAN DIE BELANGRIJKSTE AANGEHAALDE WERKE.

-
- BOSHOFF S. P. E. — Volk en Taal van Suid-Afrika. Proefskrif. Amsterdam 1921.
- BOSMAN D. B. — Afrikaans en Maleis-Portugees. Proefskrif. Groningen 1916.
- Afrikaanse Taaltoestande tydens Jan van Riebeeck (De Nieuwe Taalgids, 1921; Tydskr. v. Wetenskap en Kuns, 1921).
- Oor die Afkoms van die Boere (Vragen van den Dag, April 1923; Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, 1923).
- CLOUGH, J. C. — On Mixed Languages. London 1876.
- DU TOIT P. J. — Afrikaansche Studies. Proefskrif. Gent 1905
- GUNNINK J. — Het Dialect van Kampen en Omstreken. Proefskrif. Amsterdam 1908.
- HESSELING D. C. — Het Afrikaansch. Leiden 1899.
- Het Afrikaans. Leiden 1923. Tweede, herziene en vermeerderde uitgave.
- Het Negerhollands der Deense Antillen. Leiden 1905.
- Is het Afrikaans de zuivere Ontwikkeling van een Nederlands Dialect? (Taal en Letteren, XVI).
- Een Afrikaanse Dissertatie. (De Nieuwe Taalgids, 1916).
- Africana 11. (Tijdschrift v. Ndl. Taal- en Letterk, XXXV).
- JESPERSEN O. — Progress in Language with special reference to English. London 1909.
- Language. Its Nature, Development and Origin. London 1922.
- The Philosophy of Grammar, London 1924.
- KRUISINGA E. — De Oorsprong van het Afrikaans. (Taal en Letteren, XVI).

- LEIBBRANDT H. C. V. — Rambles through the Archives of the Colony of the Cape of Good Hope, 1688—1700. Cape Town 1887.
— Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Cape Town 1896.
- LE ROUX J. J. — Oor die Afrikaanse Sintaksis. Proefskrif. Amsterdam. 1923.
- LE ROUX, T. H. — Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans. Proefskrif. Leiden 1910.
- MENTZEL O. F. — Vollständige Beschreibung des Afrikanischen Vorgebirges der Guten Hoffnung. Glogau 2 Dele. 1785, 1787.
- MEYER (-BENFEY) H. — Die Sprache der Buren. Göttingen 1901.
— Die Burensprache und ihre Literatur. Preussische Jahrbücher, 1904).
- MOODIE D. — The Record of the Native Tribes of South Africa. Cape Town 1838.
- SCHUCHARDT H. — Literaturblatt für germanische und romanische Philologie, 1885.
— Kreolische Studien IX. (Sitzungsber. d. Kais. Akad. d. Wiss. zu Wien. Phil.-Hist. Classe, 1890).
- SPARRMAN A. — Reize naar de Kaap de Goede Hoop in de jaren 1772 tot 1776. (Holl. vertaling). Leiden 1787.
- THEAL G. McC. — History of South-Africa. London 1897. 6 Dele.
- VAN DER VEEN, J.O.S. — Het Taaletgen van Bredero. Proefskrif. Amsterdam 1905.
- VAN GINNEKEN J. — Handboek der Nederlandsche Taal. Nijmegen 1913. 2 Dele.
— De Roman van een Kleuter. Nijmegen 1917.
- en ENDEPOLS J. — De regenboogkleuren van Nederlands Taal. Nijmegen 1917.
- VAN RIEBEEK J. — Dagverhaal. Utrecht 1884—1893. 3 Dele.
- VERDAM J. — Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal. Dordrecht 1902.
- WOORDENBOEK der Nederlandsche Taal deur de Vries, te Winkel, e.a